Geldmarktoestande het van die einde van Julie 1995 tot aan die einde van Oktober aansienlik vernou, grotendeels as gevolg van 'n aansienlike toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank. Die Reserwebank se optredes in die geldmark was hoofsaaklik toegespits op maatreëls om likwiditeit uit die mark te verwyder en stram toestande te handhaaf. Die Bank se verkope van nuwe staatseffekte het derhalwe die onmiddellike befondsingsbehoefte van die regeringsektor oorskry. Boonop het die Bank ook netto opemarkverkope in die mark gedoen. Deur middel van aanpassings in die bateportefeuile van die Korporasie vir Openbare Deposito's en die bestuur van regeringsdeposito's by die Bank, het die Reserwebank op kort termyn groot wisselings in die geldmarktekort teengewerk.

Die bedrywigheid in die binnelandse primêre effektemark is oorheers deur uitgiftes van instellings in die openbare sektor. As gevolg van die hoë likwiditeit van die korporatiewe sektor, die betreklik hoë koste van geleende fondse en die beskikbaarheid van buitelandse kapitaal, het die fondse wat maatskappye in die private sektor deur nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende sekuriteite opgeneem het, laag gebly. Die bedrywigheid in die sekondêre effektemark het in die derde kwartaal van 1995 opmerklik toegeneem namate langtermynopbrengskoerse begin daal het.

Die vraag na fondse in die primêre aandelemark, wat 'n duidelik afwaartse neiging getoon het, het in die derde kwartaal van 1995 verder gekrimp. In die sekondêre aandelemark het die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, verder herstel van die lae vlak wat in die eerste kwartaal van 1995 bereik is. Die gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele het ook geleidelik van die onderste draaipunt in Februarie 1995 tot in Oktober gestyg. Hierdie opwaartse aanpassing is deur nywerheidsaandele gelei, terwyl die prys van goudmynaandele baie besadigder vertoon het.

Die betreklik bestendige toestande in die aandele-, effekte- en buitelandsevaluta-markte, sowel as 'n groter versigtigheid vir termyntransaksies na die Barings-voerval het die bedrywigheid op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs gedemp. Die waarde van transaksies in vaste eiendom het ook in die derde kwartaal van 1995 teruggesak, maar die vlak van hierdie transaksies was gedurende die eerste nege maande van die jaar nogtans opvallend hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Die koerse van toename in voorskotte op die verbandmark het boonop op hoë

vlakte gebly.

Op die gebied van openbare finansies het buiten-gewone omstandighede wat met die konstitusionele veranderings verband hou, sekere bestedings van die provinsiale regerings bly vertraag en het dit bygedra tot 'n skerp verbetering in die leningsbehoefte van die openbare sektor in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1995/96 vergeleke met dieselfde tydperk gedurende die vorige jaar. As gevolg van hierdie administratiewe probleme van die provinsiale regerings, was die koers van toename in die algemene owerheid se besteding aan goedere en dienste buitengewoon laag, terwyl die rentebetalings van die algemene owerheid skerp toegeneem het. 'n Bevredigende styging in die inkomste van die algemene owerheid is hoofsaaklik as gevolg van die groei in inkomse, winste, binnelandse besteding en invoer behaal, tesame met sekere toenames in belastingkoerse wat in die fiskale jaar 1995/96 van toepassing is.

Die Skatkistekort in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1995/96 is hoofsaaklik deur die uitgifte van binnelandse staatseffekte en in 'n mindere mate deur middel van 'n buitelandse leningsuitgifte en verkope van strategiese olievoorrade gefinansier. 'n Groot deel van die staatseffekte is deur die nie-monetêre private sektor opgeneem, maar die monetêre instellings se besit aan staatseffekte het ook skerp toegeneem. Ten spyte van hierdie toename, het die monetêre instellings se netto eise teen die regering gedaal as gevolg van 'n aansienlike toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank en private banke.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings


Binnelandse produksie¹

Die toename in die totale reële bruto binnelandse produk teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het in die derde kwartaal van 1995 3 persent beloop; dit het gevolg op opwaarts hersiene groeikoerse van 1½ persent in die eerste kwartaal en 2 persent in die tweede kwartaal van 1995. Die gemiddelde vlak van die reële binnelandse produksie in die eerste nege maande van 1995 was gevoldiglik 3½ persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1994.

Die versnelling in die groeikoers van produksie was hoofsaaklik afkomstig van 'n sterk styging in die produksie van die sektore van die ekonomie *buite die landbou*. Die landbouproduksie het aansienlik verder

¹ Soos gebruiklik in die derde kwartaal van elke jaar, is die nasionale rekeninge hersien. Hierdie hersienings is gebaseer op volledige of meer toepaslike gegewens en is in hierdie uitgawe van die Kwartaalblad opgeneem. Hierbenewens is die faktore vir die aansuiwering van seisoensveranderings op datum gebring.

Reële bruto binnelandse produk



Tabel 1. Reële bruto binnelandse produk

Persentasieverandering teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Sekture	1995		
	1e kw	2e kw	3e kw
Primêre sektor.....	-13	-22%	-19
Landbou	-13	-41	-51%
Mynbou	-13	-9	5
Sekondêre sektor.....	6%	8%	9
Fabriekswese.....	7	10	10%
Tertiêre sektor.....	2%	4%	4
Handel	2%	8%	7%
Vervoer en kommunikasie	5	6%	5
Finansiële dienste.....	3	4	4
Sektore uitgesonderd landbou...	2%	5	6%
Totaal.....	1%	2	3

gedaal te wyte aan afnames in die bruto inkomste van tuinbou-, veeteelt- en akkerbouprodusente, wat die gevolg was van die oorwegend baie swak boerdery-toestande. Indien die landbou buite rekening gelaat word, het die reële toegevoegde waarde van die ander sektore van die ekonomie teen jaarkoerse van 2½ persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 5 persent in die tweede kwartaal en 6½ persent in die derde kwartaal toegeneem. Die reële produksie van die sektore buite die landbou gedurende die eerste drie kwartale van 1995 was gevoglik sowat 4 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1994.

Nadat die produksie van die *mynbou* in die eerste helfte van 1995 skerp gedaal het, het dit in die derde kwartaal herstel en teen 'n jaarkoers van nie minder nie as 5 persent gestyg. Hierdie buitengewone ommekeer is bykans heeltemal deur 'n toename in die goudproduksie teweeggebring. Die hoeveelheid sowel as die gehalte van die gouddraende erts wat in die eerste ses maande van 1995 gedaal het, het in die derde kwartaal verbeter: die gemiddelde graad van erts wat gemaal is het gestyg omdat 'n hoër gehalte erts ontgin is en produktiwiteit het toegeneem te danke aan minder openbare vakansiedae en die afname in geweld en nywerheidsoptreden by goudmyne. Die myne wat steenkool en sekere onedele metale ontgin, het voordeel getrek uit die sterk internasionale vraag na hul produkte en het ook hul produksie in die derde kwartaal van 1995 verhoog.


Die hoë groeikoerse in die reële produksie van die nie-primêre sektore was egter hoofsaaklik die gevolg van die voortgesette sterk groei in die toegevoegde waarde van die sekondêre sektore, veral in die fabriekswese. Hoewel die reële toegevoegde waarde van die ondernemings wat elektrisiteit, gas en water voorsien en in 'n mindere mate ook dié van ondernemings in die konstruksiebedryf sterk

gegroei het, het die groeikoers van die fabriekswese van 'n reeds hoë jaarkoers van 7 persent in die eerste kwartaal van 1995 tot nie minder nie as 10% persent in die derde kwartaal versnel. Die vlak van die fabriekswese in die eerste nege maande van 1995 was gevoglik 8½ persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1994.

Verskeie faktore het tot hierdie sterk groei in die produksie van die fabriekswese bygedra, waaronder:

- die hoë vlak van buitelandse vraag, deels as gevolg van die hertoetreden van Suid-Afrika tot 'n wyer verskeidenheid van internasionale markte;
- die lewendige finale binnelandse vraag van die private sektor wat in die derde kwartaal van 1995 bykans 4 persentasiepunte tot die groei in die reële bruto binnelandse produk bygedra het;
- die verhoogde benutting van die bestaande produksievermoë in die fabriekswese tot 'n vlak in die tweede kwartaal van 1995 wat slegs een persentasiepunt laer was as die hoogtepunt wat in die vorige oplewing van ekonomiese bedrywigheid bereik is;

Fabriekswese sektor



- 'n algemene uitbreiding van die produksievermoë in die meeste vervaardigingsbedrywe, maar meer opvallend in die mineraalveredeling waar nuwe aanlegte die produksie van vlekvrye staal en aluminium verhoog het; en
- 'n toename in produktiwiteit wat verband hou met 'n aansienlike daling in die aantal man-dae wat as gevolg van arbeidsonrus in die fabriekswese verlore gegaan het.

Die bedrywigheid in die *tertiere sektore* het ook sterk gebly en die groeikoers van kwartaal tot kwartaal in die reële toegevoegde waarde van hierdie sektore het van 'n jaarkoers van $2\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1995 tot $4\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal en 4 persent in die derde kwartaal versnel. Die positiewe sentiment van die sakegemeenskap en van verbruikers oor die algemeen, het stukrag aan die voortgesette toenames in die reële toegevoegde waarde van die meeste van die verskillende soorte tersiêre bedrywighede verleen. Groot toenames is veral in die reële toegevoegde waarde van die handelsektor, vervoer, opberging en kommunikasie, en finansiële dienste behaal.

Die vlak van die reële produksie in die *motorhandel* was in die derde kwartaal van 1995 nie minder nie as $17\frac{1}{2}$ persent hoër as in dieselfde kwartaal van die vorige jaar. Faktore wat hierdie buitengewone sterk groei in die vraag na nuwe en gebruikte motors en handelsvoertuie gedurende die derde kwartaal van 1995 aangehelp het, het die verstewiging van die verbruikersvraag en die aansienlik hoër vlakke van sake-investering, 'n toename in die vraag na motors deur die motorverhuringsektor, bestendige arbeidsverhoudinge in die motorbedryf en verbeterde produktiwiteitsvlakke ingesluit. Die inkorting van prystoenames en die aansienlike verbetering in die beskikbaarheid van nuwe motors, het die bedrywigheid in die motorhandel verder versterk.

Binnelandse besteding

Die skerp groei in die totale *reële bruto binnelandse besteding* vanaf die middel van 1993, het in die derde kwartaal van 1995 meer gelyk verloop. Na 'n toename teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 6 persent in die tweede kwartaal en 'n gemiddelde jaarkoers van $5\frac{1}{2}$ persent in die twee jaar ná die middel van 1993, het die reële binnelandse besteding in die derde kwartaal van 1995 teen 'n koers van slegs $2\frac{1}{2}$ persent gestyg. Hierdie stadiger groei kon toegeskryf word aan kleiner toevoegings tot voorrade. Reële verbruiksbesteding en reële bruto binnelandse vaste investering het in die derde kwartaal van 1995 steeds vinnig gestyg.

Die *reële private verbruiksbesteding* het in die derde kwartaal van 1995 teen 'n jaarkoers van net meer as 4 persent gestyg. Dit was min of meer gelyk aan die hersiene koers van toename in die verbruiksbesteding in die eerste twee kwartale van die jaar. Die voortgesette sterk vertoning van private verbruiksbesteding teen konstante pryse gedurende 1995 kon in 'n groot mate toegeskryf word aan die versnelling in die groei van die



Tabel 2. Reële bruto binnelandse besteding

Persentasieverandering teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse


Komponente	1995		
	1e kw	2e kw	3e kw
Private verbruiksbesteding.....	$3\frac{1}{2}$	4	4
Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid	$-1\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2}$	2
Bruto binnelandse vaste investering.....	7	$7\frac{1}{2}$	7
Verandering in voorrade (R miljoene).....	6,8	8,7	7,7
Bruto binnelandse besteding	$1\frac{1}{2}$	6	$2\frac{1}{2}$

reële persoonlike beskikbare inkomse van 'n jaarkoers van minder as $\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van die jaar tot 3 persent in die derde kwartaal omdat die reële vergoeding van werknemers skerp toegeneem het. So 'n

Reële bruto binnelandse besteding



Totale reële private verbruiksbesteding



toename in 'n gemeenskap met 'n hoë grensverbruiksgeneigdheid sal na verwagting aanleiding gee tot betekenisvolle toenames in huishoudelike verbruiksbesteding. Hierdie ontwikkeling is aangehelp deur die positiwe verbruikerssentiment en die geredelike beskikbaarheid van krediet, nie net vir duursame goedere nie, maar ook vir ander soorte verbruiksbesteding.

Hoewel al die belangrike klasse private verbruiksbesteding gedurende die derde kwartaal van 1995 toenames getoon het, is groter toenames aangeteken in die besteding aan duursame en semi-duursame goedere soos meubels en toestelle, persoonlike vervoertoerusting en klerasie en skoeisel. Die voortdurende hoë toenames in die reële besteding aan duursame goedere het onder andere verband gehou met 'n toename in die vervangingsvraag as gevolg van die veroudering van huishoudings se duursame verbruiksgoedere gedurende die lang resessie van 1989 tot 1993 en 'n nuwe vraag na huishoudelike toerusting wat deur die elektrifisering van sekere minderontwikkelde gebiede in die land ontstaan het. Die reële besteding aan semi-duursame goedere is aangehelp deur die aggressiewe bemarking van kredietkaarte deur kleinhandelsondernemings onder hul eie naam, wat langer krediettydperke en maklike terugbetalingsvoorwaardes bied.

Reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het teen 'n jaarkoers van ongeveer 2 persent gestyg, wat hoër is as in die voorafgaande kwartaal. Verbruiksbesteding deur die owerheid teen konstante pryse was in die eerste nege maande van 1995 ook ongeveer ½ persent hoër as in die ooreenstemmende

tydperk in 1994; hierdie toename was heelwat stadiger as die toename van 4 persent wat in die kalenderjaar 1994 aangeteken is. Besnoeiings is hoofsaaklik in die reële besteding aan intermediêre goedere en dienste van die algemene owerheid gedoen.

Net soos die huishoudings se reële besteding aan goedere en dienste, het die totale *reële bruto binnelandse vaste investering* in die derde kwartaal van 1995 nog steeds sterk bly styg. Die jaarkoers van toename in hierdie totaal is op 7 persent geraam, dit wil sê ongeveer gelyk aan die gemiddelde groei van $7\frac{1}{2}$ persent in die eerste twee kwartale van 1995. Die vlak van die reële bruto vaste investering was in die eerste drie kwartale van 1995 gevvolglik ongeveer $11\frac{1}{2}$ persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1994.

Die toename in kapitaalvorming in die derde kwartaal van 1995 was die netto resultaat van 'n toename in die reële besteding aan kapitaalgoedere deur die private sektor en 'n daling in die reële kapitaalbesteding deur die openbare korporasies en die openbare owerhede. Die kapitaalvorming van die *private sektor* het in die derde kwartaal van 1995 teen 'n jaarkoers van 14 persent toegeneem, wat gevvolg het op toenames van $9\frac{1}{2}$ en 13 persent in die eerste twee kwartale van die jaar. Die sterk groei in die reële vaste investering deur die private sektor was nie tot bepaalde ekonomiese bedrywigheid beperk nie, maar was betreklik eweredig oor al die verskillende sektore versprei. 'n Algemene uitbreiding van die produksievermoë het in die private sektor plaasgevind vanweë faktore soos die hoë buitelandse en binnelandse vraag, die skerp toename in die benutting van die bestaande produksievermoë en die vervanging van verouderde toerusting.

Ondanks die hoër reële kapitaalbesteding deur die *openbare korporasies* in die vervoer- en telekomunikasiesektor, het die totale reële vaste investering van die openbare korporasies in die derde kwartaal van 1995 aansienlik afgeneem. Dit was hoofsaaklik die gevolg van besnoeiings aan kapitaalbesteding deur Eskom, wat gevvolg het op hoë vlakke van besteding in 1994. Die reële bruto binnelandse vaste investering deur die *openbare owerhede* het in die derde kwartaal van 1995 bly daal, ofskoon teen 'n laer koers as in die voorafgaande drie kwartale.

Die sterke van die voorraadsiklus, wat 'n kenmerk van die huidige konjunkturele opwaartse beweging is, het in die derde kwartaal van 1995 verswak. Kleiner netto toevoegings tot voorrade was in bykans al die belangrike sektore van die ekonomie merkbaar, wat waarskynlik gedui het op 'n vertraging in die gebruiklike opbouing van voorrade in afwagting op 'n styging in die omvang van verkoop oor die feestyd, omdat die sakesektor gewag het vir die finale afskaffing van bo-belasting op invoer aan die begin van Oktober. Die verlangsaming in die opbouing van voorrade kon ook verband hou met die onlangse skerp stygings in die reële rentekoste van die besit van voorrade. Die verhouding van nywerheids- en handelsvoorraade tot die bruto binnelandse produk buite

die landbou het nietemin van die tweede tot die derde kwartaal van 1995 met sowat 1 persentasiepunt tot 'n vlak van 18½ persent toegeneem.

Faktorinkome en besparing

Die groei oor vier kwartale in die totale *nominaal faktorinkome* teen markpryse, wat van 14 persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 11½ persent in die tweede kwartaal verlangsaam het, het in die derde kwartaal effens tot 12½ persent gestyg. Die koers van toename van jaar tot jaar in die eerste nege maande van 1995 was dienooreenkomsdig 13 persent; in die kalenderjaar 1994 het die nominale faktorinkome met 12½ persent gestyg. Die voortgesette sterk styging in faktorinkome was die gevolg van toenames in sowel die bedryfsurplusse van sakeondernemings as 'n verstewiging in die koers van toename in die vergoeding van werkneemers. Maatskappywinstes het in die huidige herstelfase bly styg nadat betreklik lae vlakke in die voorafgaande resessie bereik is. Die toename in totale arbeidsvergoeding sedert die begin van 1995 was gemiddeld 13 persent en het dus die verbruikersprysinflasie in 'n aansienlike mate oorskry.

In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die *bruto binnelandse besparing* van 17 persent in 1994 tot ongeveer 18 persent in die tweede en derde kwartale van 1995 gestyg. Ondanks hierdie verbetering, was dit in 'n toenemende mate nie in staat om binnelandse investering te befonds nie; die land het gevoldlik meer afhanklik van buitelandse fondse geword om die styging in investering te finansier, soos wat ook in die aansienlike toename in die tekort op die lopende rekening van die

betalingsbalans weerspieël word.


Die vlak van binnelandse besparing is in die derde kwartaal van 1995 aangehelp deur 'n styging in die maatskappybesparing, wat voortgespruit het uit hoër winsgewendheid en slegs matige toenames in werklike kontantdividendbetalings. As gevolg van die Sekondêre Belasting op Maatskappye, het sakeondernemings verkies om aandeelbewyse uit te reik. Sonder hierdie verbetering van maatskappybesparing, sou die besparingskoers in die derde kwartaal van 1995 verswak het vanweë die groter ontsparing deur die algemene owerheid en die afname in die verhouding van persoonlike besparing tot persoonlike beskikbare inkomte tot 2 persent vergeleke met 'n gemiddelde vlak van 4½ persent in 1994.

Werkverskaffing



Die groei in die werkverskaffing was traag om op die verstewiging van die ekonomiese bedrywigheid te reageer. Nadat 'n onderste draaipunt in die konjunktuurgolf in Mei 1993 bereik is, het die *totale werkverskaffing* in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou tot in die eerste kwartaal van 1994 bly daal. Slegs matige seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van kwartaal tot kwartaal van onderskeidelik 0,5, 2,4 en 1,2 persent is in die laaste drie kwartale van 1994 aangeteken. In die eerste kwartaal van 1995 (die laaste kwartaal waarvoor inligting deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gemaak is) het die werkverskaffing bykans onveranderd gebly. Vanaf die begin van die oplewing tot die eerste kwartaal van 1995 is slegs 52 000 bykomende werkgeleenthede in die formele sektore van die ekonomie geskep. Hierdie toename was aansienlik kleiner as die verlies van 420 000 werkgeleenthede in die resessie van 1989-93, met die gevolg dat die vlak van die totale werkverskaffing ondanks die hoër ekonomiese groei laag gebly het.

Die swak reaksie van die werkverskaffing op die ekonomiese groei was hoofsaaklik te wye aan pogings van die *private sakesektor* om toenames in koste te beperk en doeltreffendheid in die produksieproses te verhoog. Toenames in die vergoeding van werkers wat nie met verbeterings in produktiwiteit verband gehou het nie, het opwaartse druk op produksiekoste uitgeoefen en die vraag na arbeid teruggehou. Die totale werkverskaffing in die private sektor buite die landbou het dienooreenkomsdig vanaf die derde kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1995 bykans ononderbroke gedaal. Die werkverskaffing in die private sektor het daarna in die derde en vierde kwartaal van 1994 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 1,6 en 1,5 persent toegeneem, voordat hierdie koers van toename in die eerste kwartaal van 1995 tot 0,4 persent verlangsaam het. Hierdie laer koers van toename was grotendeels die gevolg van dalings in die werkverskaffing van ondernemings in die fabriekswese, die groothandel, private padvervoer, die mynbou en die elektrisiteits-opwekkingsbedryf.



**Bruto binnelandse besparing as persentasie van
bruto binnelandse produk**



Werkverskaffing in nie-landbousektore



Arbeidsproduktiwiteit, vergoeding en arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



In skerp teenstelling met hierdie ontwikkelings in die werkverskaffing in die private sektor, het die totale werkverskaffing deur die *openbare owerhede* reeds in die derde kwartaal van 1993 begin toeneem. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede het boonop van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,3 persent in die eerste kwartaal van 1994 tot 3,9 persent in die derde kwartaal versnel. Dit het daarna tot 0,7 persent in die vierde kwartaal verlangsaam, voordat dit in die eerste kwartaal van 1995 na 'n negatiewe syfer van 1 persent verander het as gevolg van die vroeë aftrede van 'n groot aantal senior staatsdiensamptenare waarvoor nie dadelik plaasvervangers aangestel is nie.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die toenemende ooraanbod van ongeskoolde arbeid in Suid-Afrika sedert die begin van die resessie van 1989-93 het slegs 'n geringe uitwerking op arbeidsvergoeding gehad. Die koers van toename in die *nominale vergoeding per werker* in die ekonomiese sektore buite die landbou het slegs matig van 18,4 persent in 1989 tot 15,2 persent in 1992 afgeneem. Hoewel dit daarna skerp gedaal het tot 10,5 persent in 1993 en 11,9 persent in 1994, was hierdie toenames steeds hoër as die inflasiekoers in daardie jare.

In die meeste jare sedert 1989 was die toenames in die reële loon per werker hoër as die toename in produktiwiteit, met 'n gevolglike toename in die reële arbeidseenheidskoste. Dit dui duidelik op die aanwesigheid van starhede in die arbeidsmark wat verhinder dat lone die onderliggende aanbod- en vraagtoestande weerspieël. Hierdie tekortkominge sal onvermydelik 'n ongunstige uitwerking op nuwe investerings hê en die arbeidsabsorberingsvermoë van die Suid-Afrikaanse ekonomie verder benadeel.

Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale salarisste en lone per werker het in die jongste tyd van 14,6 persent in die tweede kwartaal van 1994 tot 10,8 persent in die eerste kwartaal van 1995 (die jongste beskikbare gegewens) afgeneem. Hierdie stadiger groei is grotendeels veroorsaak deur 'n skerp verlangsaming in die koers van toename in die vergoeding per werker in diens van die openbare owerhede van die buitengewoon hoë vlak ten tye van die algemene verkiesing in April 1994. Die koers van toename oor vier kwartale in die vergoeding per werker in diens van die openbare owerhede het van 21,3 persent in die tweede kwartaal van 1994 tot 11,2 persent in die eerste kwartaal van 1995 gedaal. Die ooreenstemmende koers van toename in die nominale salarisste en lone per werker in die private sektor het gedurende dieselfde tydperk rondom 10%

Tabel 3. Persentasieverandering oor vier kwartale in arbeidskoste en produktiwiteit

	1994				1995
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Arbeidsvergoeding per werker					
Nominaal.....	9,6	14,6	12,6	11,6	10,8
Reëel	0,7	4,8	3,7	3,6	1,5
Arbeidsproduktiwiteit.....	3,4	2,5	1,9	1,9	2,0
Arbeidseenheidskoste					
Nominaal.....	6,0	11,7	10,5	9,6	8,6
Reëel	-2,6	2,2	1,7	1,7	-0,5

percent gewissel.

Ondanks hierdie afwaartse neiging, het die groei in die arbeidsvergoeding per werker steeds die koers van toename in die deflator van die bruto binnelandse produk buite die landbou oorskry. Die toename in die *reële lone per werker* het gevvolglik positief gebly. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële vergoeding per werker in die sektore buite die landbou het egter skerp afgeneem van 4,8 persent in die tweede kwartaal van 1994 tot 1,5 persent in die eerste kwartaal van 1995.

Die groei in die *arbeidsproduktiwiteit* in die sektore buite die landbou het ook begin verlangsaam, maar was in die eerste kwartaal van 1995 nog steeds betreklik hoog. Nadat die koers van toename oor vier kwartale in die arbeidsproduktiwiteit van 'n negatiewe syfer van $\frac{1}{2}$ persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 4 persent in die vierde kwartaal van 1993 toegeneem het, het dit in die laaste twee kwartale van 1994 en die eerste kwartaal van 1995 tot 'n vlak van ongeveer 2 persent verlangsaam.

Die toename in arbeidsproduktiwiteit gedurende 1994 was minder as die koers van toename in die *reële loon per werker*, met die gevolg dat die *reële arbeidseenheidskoste* met gemiddeld 0,6 persent toegeneem het. Hierdie kostestygings het die pogings van die private sektor om winsgewendheid te herstel en bykomende werkgeleenthede te skep, aan bande gelê. In die eerste kwartaal van 1995 het die toenames in die produktiwiteit die styging in die reële vergoeding per werker oorskry; die reële arbeidseenheidskoste het gevvolglik matig met $\frac{1}{2}$ persent gedaal.


Pryse

Die stadiger toename in die nominale arbeidseenheidskoste, tesame met die werklike daling in die pryse van onverwerkte en verwerkte voedsel, het 'n daling in die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in die pryse van *binnelandse geproduseerde goedere* van 11,7 persent in April 1995 tot 8,3 persent in September tot gevolg gehad. Die koers van toename oor twaalf maande in die pryse van *ingevoerde goedere* het gedurende dieselfde tydperk van 'n hoogtepunt van 10,5

percent tot 4,9 percent verlangsaam. Hierdie laer koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere was die gevolg van 'n betreklik bestendige nominale effektiewe wisselkoers van die rand en afwaartse aanpassings van 'n aantal invoertariewe ingevolge die Uruguay-rondte van handelsonderhandelinge.

As gevolg van hierdie veranderings in sy twee vernaamste komponente, het die styging in die *omvattende produksieprysindeks* ook aansienlik verlangsaam. Die koers van toename in die omvattende


Produksiepryse



produksieprysindeks, gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het van 11,5 persent in April 1995 tot 7,6 persent in September verlangsaam. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in hierdie indeks het ook afgeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 11,1 persent in die tweede kwartaal van 1995 tot slegs 2,7 persent in die derde kwartaal. Soos duidelik in tabel 4 aangedui word, was hierdie verbetering in die produksieprysinflasie egter hoofsaaklik die gevolg van ontwikkelings in die pryse van ingevoerde goedere en voedselprodukte. Indien hierdie produkte van die produksieprysindeks uitgesluit word, het die koers van toename oor twaalf maande in die pryse van ander binnelandse geproduseerde goedere steeds toegeneem tot 13,2 persent in Junie 1995 voordat dit ietwat afgeneem het tot 12,0 persent in September. Die hoë koerse van toename in die binnelandse besteding, sterk groei in die geldvoorraad en kredietverlening, die hoë koerse van benutting van produksievermoë in die fabriekswese, verwagtings van hoë inflasie en pogings van ondernemings om winsgewendheid na die lang resessie van 1989-93 te herstel, plaas steeds druk op die onderliggende inflasiekoers.

Soos verder in tabel 4 getoon word, het die jongste daling in die pryse van ingevoerde goedere en voedselprodukte 'n werklike daling in die koers van verandering van kwartaal tot kwartaal in die pryse van verbruikersgoedere teweeggebring. Die toename van kwartaal tot kwartaal in die *omvattende verbruikersprysindeks* het veral as gevolg van hierdie prysontwikkelings van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 10,9 persent in die tweede kwartaal van 1995 tot slegs 1,7 persent in die derde kwartaal afgeneem – die laagste toename sedert die tweede kwartaal van 1968. Die onderliggende inflasiekoers (soos gemeet deur die *omvattende verbruikersprysindeks*, uitgesonderd voedsel

Verbruikersprysindeks



Tabel 4. Die verbruikers- en produksieprysindekse
Jaarkoers van verandering van kwartaal tot kwartaal

	1995		
	1e kw	2e kw	3e kw
Produksieprysindekse			
Binnelandse geproduseerde goedere.....	13,4	10,7	2,8
Ingevoerde goedere	12,7	12,6	-0,3
Omvattend	13,2	11,1	2,7
Binnelandse geproduseerde goedere uitgesonderd voedsel.....	12,7	16,0	10,0
Verbruikersprysindekse			
Goedere.....	7,1	9,9	-2,7
Dienste.....	9,2	13,5	12,5
Omvattend	8,9	10,9	1,7
Onderliggende inflasiekoers	10,1	8,9	5,8

en nie-alkoholiese drank, die koste van woningbesit en die belasting op toegevoegde waarde) het ook skerp afgeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 8,9 persent in die tweede kwartaal van 1995 tot slegs 5,8 persent in die derde kwartaal. In teenstelling met die vordering wat gemaak is met die verlaging van inflasie in hierdie indekse, het die ooreenstemmende koers van toename in die pryse van verbruikersdienste slegs matig afgeneem.

Die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in die *omvattende verbruikersprysindeks* het ook van 'n hoogtepunt van 11,0 persent in April 1995 tot slegs 6,3 persent in Oktober afgeneem. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die pryse van verbruikersgoedere het as gevolg van 'n inkrimping in die pryse van voedsel soos vleis, vars vrugte en groente van 10,9 persent in April 1995 tot slegs 3,7 persent in Oktober 1995 geval. Die ooreenstemmende koers van toename in die pryse van verbruikersdienste het gedurende dieselfde tydperk heelwat matiger van 11,9 tot 10,2 persent afgeneem. Van groter belang is die daling in die onderliggende inflasiekoers, gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, van 'n jongste hoogtepunt van 9,2 persent in Mei 1995 tot 7,8 persent in September en Oktober.

Buitelandse handel en betalings


Lopende rekening

Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans, wat van R0,7 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R3,4 miljard in die tweede kwartaal van 1995 toegeneem het, het in die derde kwartaal R3,5 miljard beloop. In die eerste nege maande van 1995 was die kumulatiewe tekort op die lopende rekening gevvolglik R9,1 miljard. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die tekort op die lopende rekening effens afgeneem van R12,5 miljard in die tweede kwartaal van 1995 tot R11,5 miljard in die derde kwartaal, of van 2,6 tot 2,3 persent van die bruto binnelandse produk. Hierdie ietwat beter prestasie van die lopende rekening was die netto resultaat van 'n aansienlike toename in goedere- en netto gouduitvoer, wat toenames in goedere-invoer en netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners geneutraliseer het.

Hoofsaaklik vanweë 'n toename in die hoeveelhede van goedere wat uitgevoer is, het die waarde van Suid-Afrika se goedere-uitvoer van die tweede tot die derde kwartaal van 1995 met 4 persent gestyg. Aansienlik hoër uitvoer van steenkool, koper en chroomerts is in 'n sekere mate geneutraliseer deur laer internasionale diamantverkope, terwyl die uitvoer van landbou- en vervaardigde produkte op ongeveer die vlak van die voorafgaande kwartaal gebly het. Vanweë die appresiasie in die geweegde waarde van die rand, het die pryse van uitgevoerde goedere in die derde kwartaal slegs marginaal gestyg.

Die voortgesette goeie uitvoerprestasie het die toename in die fisiese omvang van uitvoer in die eerste nege maande van 1995 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar op 20 persent te staan gebring. In verhouding tot die reële bruto binnelandse produk, het die goedere-uitvoer teen konstante pryse verder tot 'n vlak van 20,1 persent in die eerste nege maande van 1995 gestyg. Hierdie vlak kan vergelyk word met 'n verhouding van 17,7 persent in

Betalingsbalans: Lopende rekening




Tabel 5. Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1994		1995	
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw
Goedere-uitvoer	65,0	81,8	79,4	82,6
Netto gouduitvoer	22,6	20,0	19,3	23,3
Goedere-invoer	-76,3	-94,4	-97,7	-101,4
Netto dienste- en oordragbetalings	-13,5	-15,2	-13,5	-16,0
Saldo op lopende rekening.....	-2,2	-7,8	-12,5	-11,5

Reële goedere-uitvoer as persentasie van bruto binnelandse produk



1994 en 'n laagtepunt van 10,7 persent in 1984. In die afgelope twaalf jaar was 'n toenemend groter deel van produksie derhalwe op die uitvoermark gerig. Hierdie betreklik vinnige groei in uitvoer kon toegeskryf word aan faktore soos:

- die toeganklikheid van nuwe internasionale markte met sterker groei as die tradisionele afsetgebiede vir Suid-Afrikaanse uitvoere;
- die geleidelike opheffing van sanksies en handelsboikotte teen Suid-Afrika;

- die bystand wat uitvoerders onder die algemene uitvoeraansporingskema ontvang het;
- die onlangse sluiting van verskeie nuwe multilaterale en bilaterale handelsooreenkomste;
- die lae vlak van binnelandse ekonomiese bedrywigheid en oorskot produksievermoë wat gedurende die grootste deel van hierdie tydperk voorgekom het en wat produsente aangemoedig het om ander afsetgebiede vir hul produkte te vind;
- 'n afname in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand, wat min of meer met die inflasiedifferensiaal tussen Suid-Afrika en sy belangrikste handelsvennootlande tred gehou het; en
- die inbedryfstelling van sekere vervaardigingsondernemings wat spesifiek vir die uitvoermark ontwikkel is.

In die derde kwartaal van 1995 is die groei in goedere-uitvoer deur 'n herstel in die *netto gouduitvoer* gesteun. Na 'n voortgesette afname van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R24,8 miljard in die derde kwartaal van 1994 tot R19,3 miljard in die tweede kwartaal van 1995, het die waarde van netto gouduitvoer in die derde kwartaal tot R23,3 miljard gestyg. Die toename van 21 persent in die gouduitvoer in die derde kwartaal van 1995 was bykans ten volle die gevolg van 'n styging in die fisiese omvang van gouduitvoer. Die betreklik bestendige wisselkoers van die rand en die dollarprys van goud het geleid tot 'n geringe daling in die gemiddelde goudprys per fyn ons van R1 413 in die tweede kwartaal van 1995 tot R1 402 in die derde kwartaal.

Hierdie ontwikkelings op die lopende rekening is deels teegewerk deur toenames van onderskeidelik 3,8 en 4,6 persent in die waarde en omvang van *goedere-invoer* in die derde kwartaal van 1995. Die styging in die

Tabel 6. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie
R miljarde

	1994			1995		
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw		
Langtermynkapitaal					*	-
Openbare owerhede		3,5	-0,1	1,5	-	
Openbare korporasies.....		0,6	-0,3	-0,2	1,0	
Private sektor		-0,6	1,0	2,4	1,7	
Totaal.....	3,5	0,6	3,7	2,7		
Korttermynkapitaal		1,9	4,8	0,7	1,3	
Totale kapitaal.....	5,4	5,4	4,4	4,0		

invoerhoeveelhede van die tweede tot die derde kwartaal van 1995 is hoofsaaklik deur hoër invoer van mineraalprodukte en masjinerie en elektriese toerusting meegebring. Invoerpryse het in die derde kwartaal van 1995 met ongeveer 1 persent gedaal na betreklik matige toenames van sowat 3 persent in elk van die voorafgaande twee kwartale. Effens hoër internasionale oliepryse is meer as geneutraliseer deur die toename in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand.

Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers gereken), wat van R15,2 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R13,5 miljard in die tweede kwartaal gedaal het, het in die derde kwartaal skerp tot R16,0 miljard gestyg. Hierdie toename is hoofsaaklik teweeggebring deur hoër dividendbetalings op buitelandse beleggings tesame met 'n toename in toeristebesteding deur Suid-Afrikaners in ander lande.


Kapitaalrekening

Nadat 'n totale netto invloeiing van kapitaal sedert die tweede helfte van 1994 ondervind is, is 'n verdere netto invloeiing van kapitaal van R4,0 miljard in die derde kwartaal van 1995 aangeteken. Die totale netto kapitaalinvloeiing het gevvolglik R13,8 miljard gedurende die eerste nege maande van 1995 en R22,8 miljard vanaf die derde kwartaal van 1994 bedra.


Soos in die voorafgaande kwartaal die geval was, het die netto invloeiing van kapitaal in die derde kwartaal van 1995 hoofsaaklik uit *langtermynkapitaal* (dit wil sê fondse met 'n oorspronklike looptyd van langer as een jaar) bestaan. Die netto invloeiing van langtermynkapitaal het egter van R3,7 miljard in die tweede kwartaal van 1995 tot R2,7 miljard in die derde kwartaal gekrimp. Hierdie aansienlike invloeiing van kapitaal was hoofsaaklik die gevolg van kapitaalbewegings in die private sektor. Meer bepaald, was nie-inwoners netto aankopers van sekuriteite op die Johannesburgse Effektebeurs ten bedrae van R1,7 miljard. Ander langtermynlenings wat deur instellings in die private sektor in die buitenland aangegaan is, het die terugbetalings op skuld wat na langtermynlenings omgeskakel is en op skuld wat kragtens die stilstandooreenkoms met die buitenlandse krediteurbanke onderhandel is, oorskry. Openbare korporasies was boonop in die derde kwartaal van 1995 netto invoerders van langtermynleningskapitaal tot die netto bedrag van R1,0 miljard.

Netto *korttermynkapitaalbewegings* nie verwant aan reserwes nie, wat van 'n invloeiing van R4,8 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R0,7 miljard in die tweede kwartaal gedaal het, het in die derde kwartaal weer tot R1,3 miljard toegeneem. Hierdie betreklike groot invloeiing van fondse het hoofsaaklik verband gehou met die volgehoue korttermynlenings van banke vir die finansiering van hul bedrywigheude teen die agtergrond van betreklike stram binnelandse geldmarktoestande. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die benutting van buitenlandse korttermynhandelsfinansiering deur die

Langtermynkapitaalbewegings



Totaal



private sektor in 'n netto uitvloeiing van kapitaal verander. Hierdie ontwikkeling het waarskynlik verband gehou met die hoër kostes van termyndekking wat vanaf die middel van Julie 1995 deur banke in die sogenaamde "private" mark gehef is.

Buitelandse reserwes

Die netto invloeiing van kapitaal was meer as voldoende om vir die tekort op die lopende rekening te vergoed, met die gevolg dat die land se *netto goud- en ander buitelandse reserwes* in die derde kwartaal met R0,5

miljard gestyg het. In die eerste nege maande van 1995 het die totale netto goud- en ander buitelandse reserwes derhalwe met nie minder nie as R4,7 miljard toegeneem. In Oktober 1995 het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R1,2 miljard toegeneem.



Teen die agtergrond van hierdie verbetering in die algehele betalingsbalansposisie, het die Suid-Afrikaanse Reserwebank sy uitstaande *buitelandse lenings verwant aan reserwes* van R1,6 miljard op 30 Junie 1995 tot R1,4 miljard aan die einde van September verminder; aan die einde van Oktober 1995 was die uitstaande bedrag op hierdie lenings net R0,3 miljard. Benewens hierdie bedrag is die land R3,4 miljard aan die Internasionale Monetêre Fonds verskuldig wat ook as lenings verwant aan reserwes geklassifiseer word.

Die land se *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* het in die derde kwartaal van 1995 met R83 miljoen gedaal tot 'nvlak van R15,2 miljard aan die einde van September 1995. Hierdie buitelandse reserwes was gelykstaande aan bykans ses weke se invoer van goedere en dienste. Die Reserwebank se bruto goud- en ander buitelandse reserwes het in Oktober 1995 met R172 miljoen tot R12,0 miljard aan die einde van die maand gestyg. Die Bank het gedurende die vier maande tot Oktober 1995 voortgegaan om sy goudbesit te verminder: die goudreserwes het nou van 4,76 miljoen fyn onse aan die einde van Desember 1993 tot 4,44 miljoen fyn onse aan die einde van Oktober 1995 gekrimp. In verhouding tot die totale buitelandse reserwes, het die goudkomponent oor dieselfde tydperk van 51 persent tot 37 persent gedaal.

Die buitelandse valutamark

As gevolg van die verdere normalisering van Suid-Afrika se internasionale finansiële verhoudinge en die aansienlike uitbreiding van handel en kapitaalvloeiinge met die res van die wêreld, het die gemiddelde netto daagliks omset in buitelandse valuta (aankope en verkoop in die ses belangrikste geldeenheede in die kontant- en termynmark aangepas vir dubbeltelling voortspruitend uit binnelandse interbanksake) skerp toegeneem van VSA\$4,0 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot \$4,9 miljard in die tweede kwartaal van 1995 en \$5,2 miljard in die derde kwartaal. Hierdie aansienlike styging in bedrywigheid het in sowel die kontant- as die termynmark voorgekom.

Na die maatreëls wat op 13^{de} Julie 1995 deur die owerhede ingestel is as deel van die geleidelike verslapping van deviesebeheer wat op inwoners van toepassing is en die betreklik bestendige vertoning van die eksterne waarde van die rand, het die samestelling van transaksies in die *termynvalutamark* taamlik betekenisvol verander. Op hierdie datum is aangekondig dat die Reserwebank slegs termyndekking op kort termyn aan gemagtigde handelaars sal voorsien by voorlegging van dokumentêre bewys van buitelandse



finansiering en dat die Bank die ontwikkeling van die sogenaamde private termynvalutamark aan uitvoerders en invoerders sal oorlaat in samehang met gemagtigde valutahandelaars. In die praktyk het hierdie besluit drie belangrike gevolge gehad:

- Eerstens het die premie wat op termynvalutatransaksies in die "private" mark gekwoteer is, gestyg tot bo dié waarteen die Reserwebank termyndekking voorsien.
- Tweedens het die aandeel van die Reserwebank in die totale termyntransaksies skerp gedaal van 18,4 persent in Julie 1995 tot 14,2 persent in September 1995.
- Derdens het die netto oorverkoopde termynboek van die Reserwebank op korttermyntransaksies van die einde van Maart 1995 tot aan die einde van November 1995 met \$5,7 miljard afgeneem.

Aansienlike vordering is ook gemaak met die ander maatreël om deviesebeheer te verslap wat terselfdertyd aangekondig is, naamlik die besluit dat versekeringsmaatskappye, pensioenfondse en effektetrusts toegelaat sal word om buitelandse beleggings te maak deur middel van *ruiloooreenkoms* met buitelandse beleggers wat voorsiening maak vir die ruil van 'n deel van hierdie instellings se bestaande bateportefeuille vir buitelandse bates. In die tydperk sedert hierdie besluit op 13 Julie 1995 geneem is tot in die middel van November 1995


het die Reserwebank bateruilings ten bedrae van R5,6 miljard goedgekeur. Hierdie transaksies het institusionele beleggers in staat gestel om hul portefeuljes te diversifiseer sonder enige netto verlies aan buitelandse valutareserves vir die land.

Die voortgesette verbetering in die algehele betalingsbalanspositisie van die land het geleid tot 'n verstewiging in die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand met 1,8 persent in die derde kwartaal van 1995 en 'n verdere 0,4 persent tot aan die einde van Oktober 1995. Indien die Reserwebank nie ingemeng het deur dollars in die mark aan te koop nie, sou die eksterne waarde van die rand selfs meer geappresieer het. Die styging in die nominale wisselkoers van die rand oor hierdie tydperk het die daling in die voorafgaande tydperk in 'n sekere mate teëgewerk en het in die eerste tien maande van 1995 'n netto afname van 4,2 persent in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand tot gevolg gehad; in 1994 in die geheel, het die nominale geweegde gemiddelde waarde van die rand met 8,5 persent afgeneem.

Die betreklik bestendige maar effens opwaartse beweging van die rand in die vier-maande tydperk vanaf Julie tot Oktober 1995 is gekenmerk deur marginale appresiasies teenoor die meeste van die geldeenhede van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennootlande, behalwe die VSA-dollar en die Italiaanse lira. Skerp intervensie deur die Bank van Japan, met die steun van die Federale Reserwebank van New York en die Bundesbank, het meegebring dat die Japanse yen teenoor die VSA-dollar gedepresieer het. Die wisselkoers van die rand het gevoldiglik vanaf die einde van Junie 1995 tot aan die einde van Oktober 1995 met nie minder nie as 20 persent teenoor die yen geappresieer.

Die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand het van Junie 1995 tot Augustus 1995 met ongeveer 3½ persent toegeneem. Hierdie toename het min of meer die daling in hierdie indeks gedurende die eerste ses maande van 1995 uitgewis, met die gevolg dat die reële effektiewe wisselkoers in Augustus feitlik gelyk was aan die vlak wat in Desember 1994 bereik is.

Die Reserwebank se aandeel in die termynvalutamark




Monetêre ontwikkelings, rentekoerse en finansiële markte

Geldvoorraad

Die koers van toename oor twaalf maande in die omvattend gedefinieerde geldvoorraad (*M3*), wat van 'n onderste draapunt van 11,8 persent in Februarie 1995 tot 16,8 persent in Junie versnel het, het op hierdie hoë vlak gebly en slegs ietwat afgeneem tot 16,1 persent in September 1995. As gevolg van hierdie vinnige groei, het die seisoensaangesuiwerde maandelikse waardes van *M3* sedert Maart 1995 bokant die boonste perke van die riglyngebied beweeg. In September 1995 was die waarde van *M3* R11,6 miljard of 4,5 persent hoër as die seisoensaangesuiwerde waarde van die boonste perk van die riglyn-"*kegel*". Die groeikoers in die seisoensaangesuiwerde waarde van *M3*, vanaf die basis van die riglynjaar gemeet en tot 'n jaarkoers verhef, het in September 15,7 persent beloop; dit was aansienlik hoër as die boonste perk van die riglyngebied van 10 persent, wat die verwagte hoër reële ekonomiese groei in Suid-Afrika en 'n afname in die inflasiekoers in aanmerking geneem het.

Hoewel hierdie vinnige groei in die geldvoorraad in 1995 hoofsaaklik veroorsaak is deur die hoër vlak van ekonomiese bedrywigheid soos weerspieël deur die hoër koers van toename in besteding aan verbruik, investering en voorraadopbouing, het ander ontwikkelings in die finansiële markte moontlik ook tot hierdie toename in *M3* bygedra. In 1995 het die likwiditeitsvoorkleur van die private sektor as gevolg van verwagte rentekoersveranderings en groot aanpassings in die aandele- en effektemarkte sterk toegeneem. Dit is weerspieël in 'n toename in die deposito's van versekeraars en pensioenfondse by banke van R16,8 miljard aan die einde van Desember 1994 tot R21,1 miljard aan die einde van September 1995. Gedurende dieselfde tydperk het banke toenemend betrokke geraak in die bestuur van bates vir derde partye, wat tot 'n toename in die banke se

Riglyne vir groei in *M3*



Tabel 7. Persentasieverandering in monetêre totale oor twaalf maande

Tydperk	M1A	M1	M2	M3
1994: Des	24,8	23,7	20,6	15,7
1995: Jan.....	14,8	13,8	17,0	13,0
Feb.....	7,1	12,2	13,6	11,8
Mrt	6,6	10,4	12,6	12,2
Apr.....	11,6	9,4	15,8	14,9
Mei.....	11,3	7,3	15,6	15,9
Jun.....	17,0	7,8	15,6	16,8
Jul.....	15,1	7,2	13,1	15,8
Aug	11,6	9,2	10,3	15,1
Sept	12,9	12,7	11,5	16,1


uitreiking van verhandelbare depositosertifikate (ingesluit in die geldvoorraad) van R28 miljard tot R50 miljard bygedra het. In die mate waarin hierdie bedrywigheid nie bloot 'n verskuiwing in die deposito's tussen partye in die private sektor verteenwoordig het nie, het dit ook tot 'n styging in die geldvoorraad bygedra.

Die groeikoers in die enger gedefinieerde monetêre totale, met die opmerklike uitsondering van *M1*, het min of meer dieselfde groepatrouon gehad, maar het aansienlik laer vlakke as die koers van toename in *M3* bereik. Die koers van toename oor twaalf maande in *M1* het bly daal van 'n boonste draapunt van nie minder nie as 32,7 persent in Julie 1994 tot 'n lae vlak van 7,2 persent in Julie 1995, voordat dit weer tot 12,7 persent in September toegeneem het. Die vergelykenderwys vinniger groei in *M3* as in die enger gedefinieerde monetêre totale gedurende die derde kwartaal van 1995 was die gevolg van 'n verskuiwing van kortertermyn- na langtermyndeposito's by die monetêre sektor, veral toe verwagtings van 'n naderende afname in langtermynrentekoerse gedurende die derde kwartaal begin opbou het.

In 'n statistiese of rekeningkundige sin het die gedrag van die vernaamste teenhangers van *M3* in die eerste nege maande van 1995 aansienlik verskil:

- eise teen die private sektor het die algehele toestand oorheers en met nie minder nie as R32,4 miljard

Veranderinge in komponente van M3



toegeneem, dit wil sê met meer as die toename van R25,3 miljard in M3;

- netto eise teen die regeringsektor het met R6,4 miljard afgeneem, vergeleke met 'n toename van R6,1 miljard (met uitsondering van die spesiale staatseffekte wat aan die Reserwebank uitgereik is as vergoeding vir die tekort op buitelandse valutatransaksies) gedurende die eerste nege maande van 1994;
- netto buitelandse bates van die monetêre instellings het met R1,5 miljard gedaal, grotendeels vanweë 'n toename in die korttermynlaste van private banke wat aan nie-inwoners verskuldig is; en
- sogenaamde "netto ander bates en laste" het matig met R0,8 miljard toegeneem.

Kredietverlening

Die koers van toename oor twaalf maande in die *totale binelandse kredietverlening* van die monetêre sektor (dit wil sê kredietverlening aan die private sektor en netto eise teen die regeringsektor) het van 'n laagtepunt van 13,0 persent in Maart 1995 tot 15,7 persent in Julie 1995 gestyg, maar weer tot 12,3 persent in September 1995 gedaal. 'n Aanvanklike toename in die monetêre instellings se netto eise teen die regeringsektor van R13,4 miljard in Maart 1995 tot R20,4 miljard in Mei, het tot die versnelling in die groei van die totale kredietverlening bygedra, maar daarna het hierdie netto eise weer tot R9,1 miljard in September 1995 gekrimp.

Gerugsteun deur 'n verstewiging in verbruikersvertroue na die vreedsame uitkoms van die politieke oorgang en die algemene verbetering in ekonomiese toestande, het die groeikoers oor twaalf maande in die kredietverlening van monetêre instellings aan die *private sektor* verder van 17,0 persent in Desember 1994 tot 19,5 persent in Junie 1995 gestyg; dit het daarna ietwat gedaal tot 18,0 persent in September 1995. Hierdie maandelikse groeikoerse het die inflasiekoers, soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks, oorskry en die koers van toename oor twaalf maande in reële kredietverlening aan die private sektor het in September 1995 10,9

Kredietverlening deur monetêre instellings aan private sektor



percent beloop.

'n Ontleding van monetêre instellings se eise teen die private sektor volgens *soort krediet* toon dat nagenoeg 88 persent van die toename in kredietverlening aan die private sektor gedurende die derde kwartaal van 1995 uit toenames in verbandvoorskotte, oortrokke rekeninge en ander lenings en voorskotte, en afbetaalingsverkoopkrediet bestaan het. Faktore wat die hoë groei in hierdie soort krediet begunstig het, het ingesluit: die betreklik lae kapitaalvereistes en kredietrisiko van verbandvoorskotte, die buigsaamheid van verbandskemas, die vergelykenderwys lae rentekoerse op verbandvoorskotte, 'n skerp toename in besteding aan duursame verbruikersgoedere (veral aankope van nuwe en gebruikte motorvoertuie) en die voorkeur van baie sakeonderneemings om oortrokke faciliteite te gebruik wanneer oorbruggingsfinansiering benodig word.

Rente- en opbrengskoerse


Die rentekoersstruktur soos dit in die *opbrengskoerskromme* uitgebeeld word, het gedurende die loop van 1995 aansienlik verander. Langtermynopbrengskoerse het in die eerste ses maande van 1995 betreklik bestendig gebly, terwyl korttermynopbrengskoerse verder verstewig het. Die opbrengskoerskromme het dienooreenkomsdig op 'n hoë vlak gebly, en hoewel die kromme effens afgeplat het, was dit oor die eerste vyf jaar van die aflossingstruktuur steeds betreklik steil. In die daaropvolgende vier maande het langtermynopbrengskoerse vinniger as korttermynkoerse afwaarts beweeg; die opbrengskoerskromme was aan die einde van Oktober 1995 gevólglik nie net in die geheel

opmerklik laer as aan die begin van die jaar nie, maar ook betreklik horisontaal. Dit was 'n duidelike weerspieëling van die verandering in die verwagtings van beleggers oor die toekomstige monetêre beleids-ingesteldheid en die inflasiekoers. Opbrengskoerse op effekte regoor die aflossingspektrum het aan die begin van November 1995 selfs laer beweeg, met dalings in langer opbrengskoerse wat weer eens groter as dié in korter opbrengskoerse was.


Die opbrengskoerse op *korttermynstaatseffekte* het opwaarts gewissel van 15,78 persent aan die einde van Desember 1994 tot 15,98 persent aan die einde van Junie 1995, voordat dit aan die einde van Oktober tot 14,24 persent verminder het. In teenstelling met hierdie veranderinge, het die opbrengskoerse op *langtermynstaatseffekte* ietwat afgeneem van 17,0 persent aan die einde van Desember 1994 tot 16,74 persent aan die einde van Junie, waarna dit aan die einde van Oktober 1995 tot 14,90 persent gedaal het. Die opbrengskoerse op *korttermynneffekte* het *per saldo* in die eerste tien maande van 1995 met 154 basispunte afgeneem, terwyl die opbrengskoerse op *langtermynstaatseffekte* met 210 basispunte gedaal het.

Geldmarkrentekoerse, wat gedurende die eerste helfte van 1995 aansienlik verstewig het, het min of meer tot aan die einde van Oktober 1995 op hierdie hoë vlakte gebly. Die koers op bankaksepte met 'n looptyd van drie maande het byvoorbeeld van 12,50 persent aan die einde van Desember 1994 tot 14,20 persent aan die einde van Junie 1995 gestyg en daarna effens gedaal tot 14,15 persent aan die einde van Oktober 1995. Die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande het ook

Opbrengskoerskrommes



Rente- en opbrengskoerse



in die eerste ses maande van 1995 skerp gestyg van 12,69 persent tot 14,07 persent, maar daarna meer opmerklik afgeneem tot 13,68 persent aan die einde van Oktober 1995.

Die ander leen- en uitleenkoerse van banke het sedert Junie 1995 betreklik bestendig gebly. Die primakoers op oortrekkings van banke, wat in twee stappe en in noue samehang met veranderinge in die Bankkoers van 16,25 persent aan die begin van 1995 tot 18,50 persent op 3 Julie 1995 gestyg het, het in die daaropvolgende tydperk op hierdie vlak gebly. Die verbandkoers is insgelyks sedert Julie 1995 op 18,25 persent en die oorheersende koers op vaste deposito's van twaalf maande by banke sedert Junie 1995 op 14,50 persent gehandhaaf. Gegewe die afname in die inflasiekoers, het reële rentekoersvlakke egter skerp opwaarts beweeg. Die reële prima uitleenkoers (dit wil sê die nominale primakoers aangepas vir die styging in die verbruikersprysindeks oor twaalf maande) het byvoorbeeld van 6,8 persent in Junie 1995 tot 11,4 persent in September gestyg.

Die maksimum koerse wat ingevolge die Woekerwet vasgestel word, is gedurende die eerste tien maande van 1995 met 3 persentasiepunte verhoog, en het aan die einde van Oktober 1995 op 31,0 persent in die geval van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van minder as R6 000 en 28 persent vir bedrae van meer as R6 000 maar wat nie R500 000 oorskry nie, te staan gekom.


Geldmark

Geldmarktoestande, wat gedurende die drie maande tot aan die einde van Julie 1995 verruim het, het in die daaropvolgende drie maande aansienlik vernou. Dit word duidelik weerspieël in die bedrag aan akkommodasie wat deur die Reserwebank aan banke verleent word wat van R3,2 miljard aan die einde van Julie 1995 tot R7,4 miljard aan die einde van Oktober toegeneem het. Hierdie strammer geldmarktoestande het banke gedwing om teen die einde van Oktober en die begin van November van die tweede vlak van akkommodasie by die Reserwebank gebruik te maak, met 'n gepaardgaande invloed op rentekoerse as gevolg van die hoër koste verbonde aan sodanige akkommodasie.

Hierdie stramer geldmarktoestande kon hoofsaaklik aan 'n aansienlike toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank toegeskyf word wat van R3,9 miljard aan die einde van Julie 1995 tot R4,5 miljard aan die einde van September en selfs skerper tot R5,8 miljard aan die einde van Oktober gestyg het. Die vernouende invloed van hierdie veranderinge gedurende Augustus en September is aangehelp deur 'n toename in note en munte in omloop buite die Reserwebank en 'n afname in die netto buitelandse bates van die Reserwebank. In Oktober 1995 het die netto buitelandse bates van die Reserwebank egter weer aansienlik gestyg en tot geldmarklikwiditeit bygedra.

Die optrede van die Reserwebank in die geldmark

Akkommodasie by die diskontovenster



was hoofsaaklik daarop gemik om likwiditeit op te ruim en om betreklike stram geldmarktoestande te handhaaf. Die Bank het derhalwe nie net staatseffekte op aanvraag aan die publiek verkoop wat die onmiddellike befondsingsbehoeftes van die regeringsektor oorskry het en wat tot 'n toename in regeringsdeposito's gelei het nie, maar ook opemarkverkope met sy eie beleidsportefeuje aangegaan met 'n netto vernouende invloed op geldmarktoestande ten bedrae van R1,9 miljard van September tot November 1995. Op kort termyn is aanpassings ook in die bateportefeuje van die Korporasie vir Openbare Deposito's gemaak, en die regeringsdeposito's by die Reserwebank is op so 'n wyse bestuur dat dit groot wisselings in die geldmarktekort teengewerk het.

Effektemark

Die bedrywigheid in die *binnelandse prim re effektemark* is in die derde kwartaal van 1995 deur uitgiftes van leners in die *openbare sektor* oorheers. Namate rentekoerse gedaal het en toestande meer bevorderlik vir die bemarking van hierdie instrumente geword het, het netto nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende sekuriteite deur die openbare sektor van R9,5 miljard in die tweede kwartaal van 1995 tot R10,0 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Hierdie uitgiftes het gevolglik in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1995/96 R19,5 miljard bedra; in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar is R11,2 miljard op hierdie wyse verkry.


Vanwe  die ho  likwiditeit van die korporatiewe sektor, die betreklik ho  koste om fondse binnelandse teleen en die beskikbaarheid van buitelandse fondse, was

die fondse betreklik klein wat genoteerde maatskappye in die *private sektor* deur nuwe uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite (met inbegrip van omskepbare voorkeuraandele, skuldbrieve en maatskappyobligasies) bekom het. In die eerste nege maande van 1995 het die waarde van hierdie uitgifte deur maatskappye op die effektebeurs nogtans R972 miljoen beloop, wat aansienlik hoër as die R76 miljoen in die ooreenstemmende tydperk in 1994 was.

Uitgifte in die binnelandse mark is aangevul deur uitgifte in die *internasionale effektemark*. Die regering het in Mei 1995 'n uitgifte van R1,3 miljard (¥30 miljard) in die sogenaamde Samoerai-mark gemaak, en 'n aantal maatskappye in die private sektor het in die eerste nege maande van 1995 'n totaal van R1,5 miljard deur middel van omskepbare effekte in buitelandse markte verkry. Soos reeds aangedui is, was die bate-ruiskskema wat in Julie 1995 deur die Reserwebank ingestel is, ook baie gewild en het dit internasionale beleggingsgeleenthede vir Suid-Afrikaanse institusionele beleggers geopen.

Die bedrywigheid in die sekondêre effektemark het in die derde kwartaal van 1995 merkbaar toegeneem namate opbrengskoerse begin daal het na tien maande van geringe beweging in langtermynkoerse. Die waarde van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het van 'n betreklik lae R122 miljard in die tweede kwartaal van 1995 tot R205 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Die waarde van transaksies in hierdie effekte het nietemin in die eerste nege maande van 1995 tot R442 miljard teruggesak, wat heelwat laer was as die R743 miljard in die ooreenstemmende

Nie-inwoners se netto transaksies op die effektebeurs



tydperk van die vorige jaar.


Nie-inwoners was aktief in die sekondêre effektemark betrokke en was vanaf April 1995 betreklike groot netto aankopers van effekte nadat dit duidelik geword het dat die afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel versoenbaar was met 'n bestendige eksterne waarde van die rand. Die netto aankope van effekte deur nie-inwoners het in die sewe maande tot Oktober 1995 R1,7 miljard bedra.

Die Reserwebank se rol in die sekondêre mark vir staatseffekte is gedurende 1995 verder verminder hoofsaaklik as gevolg van die Bank se verklaarde voorneme om hom van kleiner of kleinhandelstransaksies te onttrek. Bruto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het in die eerste tien maande van 1995 slegs R82 miljard beloop, vergeleke met R147 miljard in die ooreenstemmende tydperk van 1994. Die Reserwebank se handel in opsies op staatseffekte het ook van 'n maandelikse gemiddelde van R7,5 miljard in die eerste tien maande van 1994 tot R5,5 miljard in die eerste tien maande van 1995 gekrimp.

Aandelemark

Die vraag na fondse in die *primêre aandelemark* het in die eerste nege maande van 1995 'n duidelik afwaartse neiging getoon. Die waarde van regte-uitgifte van gewone aandele het van R2,3 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R1,6 miljard in die tweede kwartaal en R1,2 miljard in die derde kwartaal gedaal. Die waarde van hierdie uitgifte het in die eerste nege maande van 1995 nogtans R5,1 miljard bedra; in die ooreenstem-

Effektebeurstransaksies



mende tydperk van die voorafgaande jaar het die regte-uitgiftes van gewone aandele slegs R2,4 miljard beloop.


In die sekondêre aandelemark het die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, van 'n onderste draapunt van R13,3 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R14,7 miljard en R15,8 miljard in die volgende twee kwartale toegeneem. Die waarde van aandele wat verhandel is, het verder van 'n maandelikse gemiddelde van R5,3 miljard in die derde kwartaal van 1995 tot R6,1 miljard in Oktober toegeneem. Ten spyte van hierdie opwaartse beweging, was die waarde van hierdie transaksies in die eerste tien maande van 1995 18,2 persent laer as die vlak in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar.

As netto aankopers van aandele vanaf Januarie 1995, was nie-inwoners aktiewe deelnemers in die sekondêre aandelemark. Hul netto aankope van aandele het in die eerste tien maande van 1995 altesame R4,2 miljard bedra. In verhouding tot die totale waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het nie-inwoners se bruto aankope van aandele van 31,3 persent in 1994 tot 39,7 persent in die eerste tien maande van 1995 toegeneem.

Die gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele het geleidelik vanaf 'n onderste draapunt in Februarie 1995 tot Oktober gestyg. Hierdie opwaartse regstelling van 9,7 persent is deur nywerheidsaandele gelei en ondersteun deur voortgesette toenames op die vernaamste internasionale aandelebeurse. Nadat die prys van goudmynaandele vanaf September 1994 tot Mei 1995 skerp afgeneem het, het dit in die daaropvolgende vier maande ietwat herstel, maar weer in Oktober gedaal. Die prysvlak van goudmynaandele in Oktober 1995 was nogtans 41,7 persent onder die hoogtepunt van September 1994, terwyl die gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele slegs 2,3 persent laer as die boonste draapunt van November 1994 was.

As 'n weerspieëeling van die veranderinge in aandele-

Aandelepryse



pryse, het die gemiddelde dividend- en verdienste-opbrengskoers van aandele vanaf Januarie 1995 opwaarts gefluktueer. Aandelepryse (met die uitsondering van goudmynaandele) het in die eerste tien maande van 1995 stadiger as verdienstes toegeneem, derhalwe het die prys-verdienste-verhouding afgeneem. As gevolg van die merkbare afname in langtermynopbrengskoerse het die rendementsgaping (die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte minus die dividendopbrengskoers op alle klasse van aandele) in die eerste tien maande van 1995 skerp gedaal.

Tabel 8. Dividendopbrengskoers, verdienste-opbrengskoers, prys-verdienste-verhouding en rendementsgaping op alle klasse van aandele

Tydperk	Dividend- opbrengs- koers Percent	Verdienste- opbrengs- koers* Percent	Prys- verdienste- verhouding*	Rendements- gaping Persen- tasiepunte
1993: Des.....	2,53	5,95	16,81	9,81
1994: Jun	2,14	5,08	19,69	12,32
Sep.....	2,12	5,09	19,65	14,77
Des.....	2,19	5,27	18,97	14,61
1995: Mrt.....	2,50	5,95	16,80	14,22
Jun	2,44	5,94	16,84	14,34
Sep.....	2,51	6,31	15,85	12,98
Okt	2,42	6,10	16,38	12,73

* Uitgesonderd goudmynaandele.

Ander finansiële markte

Die betreklik bestendige toestande in die aandele-, effekte- en buitelandse valutemarkte en groter omsigtigheid in termyntransaksies in die lig van die Baringsvoorval, het die bedrywigheid op die *Suid-Afrikaanse Termynbeurs* bly demp. Nadat 'n rekordhoogtepunt van 1,4 miljoen kontrakte in die eerste kwartaal van 1995 bereik is, het die omset op die afgeleide mark vir termynkontrakte in aandele in die volgende twee kwartale tot 0,7 miljoen en 0,6 miljoen kontrakte teruggesak. Transaksies in opsies op termynkontrakte in aandele het 'n soortgelyke patroon gevolg en van 1,5 miljoen kontrakte in die eerste kwartaal van 1995 tot 0,5 miljoen kontrakte in die derde kwartaal afgeneem. In Oktober 1995 het die handel in albei hierdie soort instrumente weer begin toeneem.


Verskeie nuwe termynkontrakte is onlangs bekendgestel. In die alreeds oorheersende termynkontrakte in aandele, het die finansiële- en nywerheidsindekstermynkontrak (FNDI) op 9 Oktober 1995 begin verhandel. Hierdie kontrak word op 'n kontantbasis vereffen en is gebaseer op die Johannesburgse Effektebeurs se Aktuariële top dertig finansiële- en nywerheidsindeks. Op die kommoditeitstermynmark word beesvleiskontrakte wat op fisiese levering berus sedert 31 Julie 1995 verhandel. Aartappelkontrakte wat op 'n kontantbasis vereffen word, het op 16 Oktober 1995 begin verhandel.

In die *mark vir vaste eiendom* het die waarde van transaksies wat van R7,8 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R8,2 miljard in die tweede kwartaal

toegeneem het, in die derde kwartaal tot R7,7 miljard teruggesak. Die waarde van transaksies in vaste eiendom in die eerste nege maande van 1995 het R23,7 miljard beloop, wat 5,2 persent hoër was as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Die aantal transaksies in vaste eiendom het gedurende hierdie tydperk met slegs 0,3 persent toegeneem.

Finansiering in die *verbandmark* het in die eerste nege maande van 1995 op 'n hoë vlak gebly. Die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte het in die tydperk rondom 19 persent bly wissel. Die uitsonderlike bedrywigheid in verbandlenings was grotendeels die gevolg van die aktiewe bemarking van hierdie kredietfasilitet deur banke. Die buigsaamheid van sommige van die verbandskemas en die betreklik lae koste van verbandvoorskotte, het veroorsaak dat hierdie rekeninge toenemend deur leners gebruik word om die aankoop van duursame en ander verbruikersgoedere te finansier.

Transaksies in vaste eiendom en besit aan verbande



Openbare finansies

Leningsbehoefte van die openbare sektor

In ooreenstemming met* die normale seisoenale verloop, het die *leningsbehoefte van die openbare sektor* (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en die nie-finansiële openbare ondernemings) van R8,6 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 (April tot Junie 1995) tot R5,3 miljard in die tweede kwartaal vernou. Dit het die leningsbehoefte van die openbare sektor vir die eerste ses maande van die fiskale jaar 1995/96 op R13,9 miljard te staan gebring, wat aansienlik laer was as die tekort van R17,4 miljard in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1994/95. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die leningsbehoefte van die openbare sektor oor dieselfde tydperk van 8,0 persent tot 5,7 persent gedaal.

Die verbetering in die leningsbehoefte van die openbare sektor in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1995/96 kon aan 'n klein toename in die oorskot van die nie-finansiële openbare korporasies en 'n aansienlike afname in die leningsbehoefte van die algemene owerheid toegeskryf word. Dit het veral verband gehou met 'n ommeswaai van 'n tekort in die inkomste- en uitgawerekeninge van provinsiale regerings na 'n oorskot as gevolg van probleme wat sommige van hierdie regerings aanvanklik ondervind het om hul funksies ingevolge die tussentydse grondwet te vervul. Dit het die

groei in hul uitgawes teruggehou, terwyl hul inkomste (wat hoofsaaklik uit oordragbetalings vanaf die Hoofbegroting bestaan) skerp toegeneem het.

Weens hierdie administratiewe probleme het die *uitgawes van die algemene owerheid* in die eerste helfte van die fiskale jaar 1995/96 teen 'n koers van jaar tot jaar van net 5,5 persent toegeneem. Hierdie laer koers van toename was veral waarneembaar in die algemene owerheid se uitgawes op goedere en dienste en subsidies. Rentebetalings van die algemene owerheid het vanaf die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 tot die eerste helfte van die fiskale jaar 1995/96 met nie minder nie as 21 persent gestyg as gevolg van die toename in openbare skuld en die betreklik hoë leningskoste. Kapitaalbesteding deur die algemene owerheid het oor hierdie tydperk met 4,5 persent toegeneem.

In die eerste helfte van die fiskale jaar 1995/96 was die *inkomste van die algemene owerheid* 11,8 persent hoër as in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95. Aangesien ongeveer 84 persent van hierdie inkomste uit belastinginkomste bestaan, is die oorwegend bevredigende toename in owerheidsinkomste hoofsaaklik bereik as gevolg van die groei in inkomste, winste, binnelandse besteding en invoer, tesame met sekere toenames in belastingkoerse wat in die fiskale jaar 1995/96 van toepassing is. Nie-belastinginkomste van die algemene owerheid in die vorm van eiendomsbelasting, administrasiefooie, boetes en verbeurdverklarings het egter ook sterk toegeneem.


Skatkisrekening

Hoewel die finansies van die algemene owerheid in die eerste helfte van die fiskale jaar 1995/96 oor die algemeen gunstig was, was die tekort op die Skatkisrekening aansienlik hoër as die mikpunt wat in die Begroting voorsien is. Die betreklik hoë tekort in die eerste helfte van die fiskale jaar, wat 'n normale seisoenale patroon weerspieël, was die gevolg van 'n hoër-as-begrote toename in skatkisuitreikings en 'n laer-as-begrote toename in skatkisontvangste.


Die koers van toename in *skatkisuitreikings* aan staatsdepartemente (aangesuiwer om kontantvloeiinge te weerspieël) was in die eerste helfte van die fiskale jaar 1995/96 10,8 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar; in die Begroting is voorsiening gemaak vir 'n toename van 9,0 persent vir die volle fiskale jaar. Hierdie toename in skatkisuitreikings was egter laer as die gemiddelde koers van toename (gemeet oor twaalf maande) van 16,0 persent in die eerste ses maande van die voorafgaande vyf fiskale jare. Die besteding vir die eerste ses maande van die fiskale jaar 1995/96 het slegs R0,8 miljard ingesluit van die R4,8 miljard (nadat die omrolling vanaf die vorige jaar in berekening gebring is) wat vir die Heropbou-en-Ontwikkelingsfonds beskikbaar gestel is.

In Oktober 1995 het skatkisuitreikings met 21,3 persent teenoor Oktober 1994 gestyg, wat die koers van


Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk



Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente



Begrote en werklike staatsinkome



toename van jaar tot jaar in hierdie uitreikings in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1995/96 op 12,0 persent te staan gebring het. Skatkisuitreikings was in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1995/96 dus gelyk aan 59,2 persent van die totale besteding van R152,6 miljard wat vir die jaar in die geheel begroot is.

Vanaf die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 tot die eerste helfte van die fiskale jaar 1995/96 het die koers van toename in *skatkisontvangste* (opbrengste uit privatisering uitgesluit) 9,1 persent bedra, teenoor 'n begrote toename van 10,3 persent vir die fiskale jaar in die geheel en 'n gemiddelde koers van toename van 12,4 persent vir die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande vyf fiskale jare.

Hierdie betreklike swak vertoning van die staatsinkomste in 'n opwaartse fase van die konjunktuurgolf het plaasgevind ten spyte van die feit dat die ontvangste van doeane- en aksynsregte aansienlik beter presteer het as wat in die Begroting voorsien is. Doeane- en aksynsontvangste het in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1995/96 met 13,2 persent gestyg, teenoor 'n begrote toename van slegs 4,3 persent as gevolg van die betreklik hoeë vlak van binnelandse besteding (veral motorvoertuigverkope) en invoer. Die sterk vraag na goedere en dienste het ook gelei tot 'n skerp toename in belasting op toegevoegde waarde, maar hierdie toename was min of meer in ooreenstemming met Begrottingsverwagtinge. Binnelandse inkomste het egter in die eerste ses maande teen 'n veel laer koers toegeneem as wat vir die fiskale jaar 1995/96 begroot is omdat die betaaldatum vir voorlopige belastingbetalers met een maand tot 30 September uitgestel is, en dit tot 'n oorloop

van fondse na Oktober gelei het omdat die laaste dag van September op 'n Saterdag gevall het.

Soos verwag kon word het die inkomste wat die owerheid in Oktober 1995 ingesamel het dienoorenkomstig skerp toegeneem toe die voorlopige belastingsbetaal is. Dit het die toename van jaar tot jaar in skatkisontvangste in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1995/96 op 14,5 persent te staan gebring, of op 59,6 persent van die totale inkomste van R123,0 miljard wat vir die jaar in die geheel voorsien is.

Die netto resultaat van die laer-as-begrote inkomste en hoër-as-begrote uitgawes in die eerste helfte van die fiskale jaar 1995/96 was 'n tekort op die Skatkisrekening voor lenings en skuldaflossing van R18,8 miljard. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het hierdie tekort 7,7 persent beloop; dit was bykans gelyk aan die verhouding van 7,5 persent in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1994/95, maar aansienlik hoër as die begrote tekort van 5,9 persent vir die fiskale jaar 1995/96.

Soos in tabel 9 aangetoon word, is die skatkistekort hoofsaaklik deur die uitreiking van binnelandse staatseffekte en in 'n mindere mate deur middel van buitelandse lenings en die verkoop van strategiese olievoorrade (ingesluit onder buitengewone ontvangste) gefinansier. 'n Groot deel van die staatseffekte is deur die nie-monetêre private sektor opgeneem, maar die monetêre instellings se besit van staatseffekte het ook in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1995/96 skerp gestyg. Ondanks hierdie toename, het die netto eise van die monetêre instellings teen die regering gedaal. In skerp teenstelling met die gebruikte in die verlede, het die

Tabel 9. Finansiering van die skatkistekort in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1995/96


Tipe instrument	R miljoen
Staatseffekte:	
Openbare Beleggingskommissarisse	1 097
Nie-monetêre private sektor.....	13 293
Monetêre instellings	13 647
Min netto diskonto op staatseffekte ...	-6 478
Totaal	21 559
Skatkiswissels.....	4
Buitelandse lenings.....	1 295
Nie-bemarkbare sekuriteite	-84
Geldmarkinstrumente.....	2
Buitengewone ontvangste	1 215
Toename in beskikbare kontantsaldo's...	-5 175
Totale netto finansiering.....	18 816

gevolg van die verskuiwing van sekere lede van die geassosieerde pensioenfonds se fondse vanaf die Openbare Beleggingskommissaris na private instellings, die opskorting van bankdienste wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank aan die Openbare Beleggingskommissaris verskaf is, en die Openbare Beleggingskommissaris se doelwit om 'n meer gedifferensieerde investeringsportefeuilje te verkry, wat tot op hede steeds hoofsaaklik uit staatseffekte bestaan.

Die leningsbehoefte van die Skatkis voor skuldaflossing plus die groot diskonto op nuwe staatseffektuitgiftes het tot 'n toename van R29,0 miljard in staatskuld tot R273,6 miljard aan die einde van September 1995 gelei. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die staatskuld 58,0 persent beloop, vergeleke met 55,0 persent aan die begin van die fiskale jaar.

Openbare Beleggingskommissarisse slegs 'n klein deel van die nuwe uitgifte van staatseffekte opgeneem. As die investering deur die Openbare Beleggingskommissaris in skatkiswissels ook in berekening gebring word, het die totale besit aan staatspapier deur hierdie instelling in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1995/96 trouens afgeneem. Hierdie verandering in die beleggingsgedrag van die Openbare Beleggingskommissarisse was die

Totale staatskuld as persentasie van bruto binnelandse produk



Die konjunkturele beweging van totale werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou

deur L.J.F. Erasmus en P.J. Weideman

Inleiding

Die belangrikste doelwit met ekonomiese beleid is om die materiële welvaart en die lewensgehalte van die bevolking van 'n land te verbeter. Ekonomiese groei van 'n hoë gehalte wat verseker dat 'n toenemende aantal werkers teen vergoeding in diens geneem word, is 'n gewisse metode om hierdie doelwit te verwesenlik. Gedurende die afgelope 15 jaar was die groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie te laag om die toenemende aantal werksoekers ten volle te absorbeer – dit kan aanvaar word dat dit 'n verskynsel is wat sekere strukturele eienskappe van die Suid-Afrikaanse ekonomie en van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag weerspieël. Dit het aanleiding gegee tot 'n skerp toename in werkloosheid en het baie mense genoodsaak om hulself vir 'n heenkome tot informele ekonomiese bedrywigheid te wend.

Die gelyker verloop in die groei van die werkverskaffing oor die medium termyn was in 'n mate verskuil deur die verlangsamings en die versnellings in die totale werkverskaffing op kort termyn. Hierdie korttermynveranderings het ten nouste saamgeheng met die opwaartse en afwaartse bewegings van die algemene sakebedrywigheid en het gedien as bevestiging van die internasionale ervaring dat wisselings in die algehele

konjunktuurgolf 'n beduidende uitwerking op die werkverskaffing het.

Toe die Suid-Afrikaanse ekonomie teen ongeveer die helfte van 1993 'n nuwe herstelfase betree het, het die totale werkverskaffing steeds gedaal en was die patroon van hierdie konjunkturele herstel in die werkverskaffing oënskynlik anders as in vorige herstelfases van die werkverskaffingsiklus. Dit regverdig verdere ondersoek. Die oogmerk met hierdie artikel is om die gemeenskaplike kenmerke van die werkverskaffingsiklusse gedurende die afgelope 25 jaar te ontleed om te bepaal op watter wyse en in watter mate die onlangse ekonomiese herstel 'n ander uitwerking as vorige herstelfases op die werkverskaffingsiklus gehad het. Die konjunkturele veranderings in die formele werkverskaffing in die private sektor en deur die openbare owerhede word afsonderlik ondersoek. Op grond van *a priori*-oorwegings lyk dit vanselfsprekend om te aanvaar dat die reaksie van winsmaksimerende ondernemings in die private sektor sal verskil van dié in die openbare sektor, veral in die geval waar die owerhede verbind is tot stabiliseringsoogmerke.


Konjunkturele veranderings in die werkverskaffing

Die totale werkverskaffing buite die landbou


Die veranderings in die totale formele werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou word in grafiek 1 getoon. Die nie-lineêre funksie met die beste passing op die gegewens, toon duidelik 'n meer gelyke verloop, of selfs 'n daling, in die langertermynneiging van die totale werkverskaffing sedert die middel van die tagtigerjare.

Die konjunkturele bewegings op kort termyn in die totale werkverskaffing word in grafiek 2 getoon. Die konjunkturele beweging is afgelei van die veranderings in die afwykings van die nie-lineêre funksie met die beste passing, m.a.w. die afwykings van die waargenome werkverskaffingsvlakte van hul geraamde langtermynwaardes. Die grafiek toon duidelik 'n noue verwantskap tussen die algehele konjunktuurgolf en die konjunkturele beweging van die totale werkverskaffing buite die landbou: 'n verbetering van dié algehele ekonomiese bedrywigheid het aanleiding gegee tot vinniger groei in die werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie en 'n verlangsaming in die tempo van die totale ekonomiese bedrywigheid het gewoonlik saamgeval met 'n dalende groei in die werkverskaffing of, soos meer onlangs die geval was, 'n afname in die werkverskaffing. Dit het voorgekom asof die golfbewegings in die werkverskaffing oor die algemeen die draapunte van die algehele konjunktuurgolf met 'n kort

Grafiek 1. Die totale werkverskaffing buite die landbou



Grafiek 2. Die konjuncturele veranderings in die totale werkverskaffing buite die landbou^{1) 2)}



1) Die verskil tussen die indekswaarde en 100 dui op die persentasie-afwyking tussen die werklike waardes en die geraamde tendenswaardes.

2) Gesakeerde dele: Afwaartse fases van die algehele konjunktuurgolf.

tydsloering van wisselende lengte volg.

Gedurende die afgelope twee dekades het die boonste en onderste draaipunte van die algehele konjunktuurgolf die ooreenstemmende draaipunte van

die werkverskaffingsiklus telkens voorafgegaan, behalwe by twee geleenthede, naamlik in die derde kwartaal van 1970 en in die derde kwartaal van 1985. Die spesifieke boonste en onderste draaipunte van die werkverskaffingsiklus word in tabel 1 aangedui en met die verwysingsdraaipunte in die algehele konjunktuurgolf vergelyk.


Met die uitsondering van 1970 toe die boonste draaipunt van die werkverskaffingsiklus dié van die algehele konjunktuurgolf met een kwartaal voorafgegaan het, het die boonste draaipunte van die werkverskaffingsiklus deurlopend op die boonste draaipunte in die algehele konjunktuurgolf gesloer. By die onderste draaipunte was die verwantskap tussen die algehele konjunktuurgolf en die werkverskaffingsiklus ietwat minder bestendig. Die opwaartse beweging in die totale ekonomiese bedrywigheid wat in die tweede kwartaal van 1986 begin het, is byvoorbeeld met twee kwartale voorafgegaan deur die begin van die opwaartse beweging in die werkverskaffingsiklus. In die derde kwartaal van 1972 het die algehele konjunktuurgolf en die werkverskaffingsiklus gelykydig 'n onderste draaipunt bereik. Oor die algemeen kom dit egter voor asof die algehele konjunktuurgolf sy boonste en onderste draaipunte sowat twee kwartale voor die werkverskaffingsiklus bereik.

'n Vergelyking van die veranderings in die totale werkverskaffing gedurende die verskillende opwaartse fases van die algehele konjunktuurgolf (grafiek 3) toon dat die groei in die werkverskaffing gedurende die opwaartse fases van die tagtiger- en vroeë negentigerjare swakker was as gedurende die sewentigerjare. Die reaksie van die werkverskaffing op die huidige herstel in die totale ekonomiese bedrywigheid was veral baie swakker as in


Tabel 1. Die leidende en sloerende neiging van die boonste en onderste konjuncturele draaipunte in die totale werkverskaffing buite die landbou in verhouding tot die verwysingsdraaipunte van die algehele konjunktuurgolf

Draaipunt	Algehele konjunktuurgolf	Werkverskaffingsiklus	Sloer in kwartale (+) Lei in kwartale (-)
	Jaar en kwartaal		
Boonste	1970/04	1970/03	-1
Onderste	1972/03	1972/03	0
Boonste	1974/03	1975/04	+5
Onderste	1977/04	1979/02	+6
Boonste	1981/03	1982/01	+2
Onderste	1983/01	1983/03	+2
Boonste	1984/02	1984/03	+1
Onderste	1986/01	1985/03	-2
Boonste	1989/01	1989/03	+2
Onderste	1993/02	1994/01	+3

Grafiek 3. Die persentasieveranderings in die totale werkverskaffing vanaf die onderste verwysingsdraaipunte van die algehele konjunktuurgolf



Grafiek 4. Die persentasieveranderings in die totale werkverskaffing vanaf die boonste verwysingsdraaipunte van die algehele konjunktuurgolf




vorige herstelfases.

Die veranderings in die totale werkverskaffing gedurende die afwaartse fases van die tagtigerjare verskil in een opsig aansienlik van dié van die sewentigerjare (grafiek 4): in teenstelling met die resessies van die sewentigerjare toe die totale werkverskaffing buite die landbou steeds toegeneem het, is die afwaartse fases van die tagtigerjare gekenmerk deur absolute dalings in die grootte van die arbeidsmag in die formele sektor.


Werkverskaffing in die private sektor

Die werkverskaffing in die private sektor het in 1994 omtrent 66 persent van die totale werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou uitgemaak. Soos blyk uit grafiek 5, het die nie-lineêre funksie van die werkverskaffing in die private sektor buite die landbou sedert die middel van die tagtigerjare 'n duidelik afwaartse neiging getoon. Afwykings van hierdie neiging toon ook duidelik dat die werkverskaffing in die private sektor gedurende die konjunktuurgolf skerp gewissel het. Ondernemings in die private sektor het in hul strewe na winsmaksimering buigsame indiensnemingspraktyke gevvolg en vinnig op die begin van swakker ekonomiese toestande gereageer. Hulle het op die aantal ongeskoolde werkers in hul diens besnoei en die aantal werksure van geskoolde werkers ten tye van verlang-

Grafiek 5. Die werkverskaffing in die private sektor



Grafiek 6. Die konjunkturele veranderings in die totale werkverskaffing in die private sektor¹⁾⁽²⁾



1) Die verskil tussen die indekswaarde en 100 dui op die persentasie-afwyking tussen die werklike waardes en die geraamde tendenswaardes.

2) Geskakeerde dele: Afwaartse fases van die algehele konjunktuurgolf.

Die konjunkturele veranderings in die formele werkverskaffing in die private sektor buite die landbou word in grafiek 6 voorgestel, terwyl die leidende en sloerende verwantskap tussen die werkverskaffingsiklus in die private sektor en die algehele konjunktuurgolf in tabel 2 getoon word. Dit blyk duidelik uit hierdie gegewens dat die reaksietyd van die werkverskaffingsiklus in die private sektor op die boonste draapunte in die algehele konjunktuurgolf sedert die sewentigerjare aansienlik korter geword het. Dit het die werkverskaffing in die private sektor vyf kwartale geneem om te reageer op die afswaaifase in die ekonomiese bedrywigheid in die derde kwartaal van 1974; in 1989 het dit ondernemings in die private sektor slegs een kwartaal geneem om die vlakke van hul werkverskaffing aan te pas by die swakker saketoestande wat in die eerste kwartaal van daardie jaar begin het. By die onderste punt van die konjunktuurgolf het die werkverskaffingsiklus in die private sektor geneig om die algehele konjunktuurgolf te volg met 'n tydsloering wat gewissel het tussen twee en drie kwartale.

Die sloeringsverwantskap tussen veranderings in die algehele konjunktuurgolf en veranderings in werkverskaffing kan toegeskryf word aan faktore soos:


- die onsekerheid van werkgewers oor die standhoudendheid van die verandering in die vlak van die ekonomiese bedrywigheid;
- die onderbenutting van beskikbare produksiefaktore, wat werkgewers in staat stel om die vlakke van benutting uit te brei alvorens bykomende werkers in diens geneem word;
- die huiwerigheid van ondernemings om hul arbeidsmag aan die begin van 'n ekonomiese afwaartse fase te

samings in die ekonomie verminder. Hierdie praktyke het 'n hoër gehalte van die arbeidsinset gedurende resessies verseker wat beteken het dat die groei in die produktiwiteit geneig was om gedurende resessies hoër te wees as gedurende tye van vinnige ekonomiese uitbreiding.


Tabel 2. Die leidende en sloerende neiging van die konjunkturele veranderings in die werkverskaffing in die private sektor tot die verwysingsdraapunte in die algehele konjunktuurgolf

Draapunt	Algehele konjunktuurgolf	Werkverskaffingsiklus in die private sektor	Sloer in kwartale (+) Lei in kwartale (-)
	Jaar en kwartaal		
Boonste	1970/04	1970/04	0
Onderste	1972/03	1972/02	-1
Boonste	1974/03	1975/04	+5
Onderste	1977/04	1978/02	+2
Boonste	1981/03	1982/01	+2
Onderste	1983/01	1983/03	+2
Boonste	1984/02	1984/03	+1
Onderste	1986/01	1985/02	-3
Boonste	1989/01	1989/02	+1
Onderste	1993/02	1994/01	+3

Grafiek 7. Die persentasieverandering in die werkverskaffing van die private sektor vanaf die onderste verwysingsdraaipunte van die konjunktuurgolf



Grafiek 8. Die persentasieverandering in die werkverskaffing in die private sektor vanaf die boonste verwysingsdraaipunte van die konjunktuurgolf



verminder as gevolg van die besondere vaardighede wat werkers ontwikkel het;

- die indiensneming van werkers ná die begin van 'n opwaartse beweging in die konjunktuurgolf, wat beteken dat bykomende opleidingskoste aangegaan word; en
- die feit dat dit vir ondernemings duur is om die grootte van hul arbeidsmag te verander – dit is eenvoudig nie moontlik vir ondernemings om hul werkverskaffing op grond van elke brokkie nuwe inligting oor die stand van vraag te verander nie, veral nie op die baie kort termyn nie.

Die veranderings oor tyd in die werkverskaffing in die private sektor gedurende die verskillende opwaartse fases van die algehele konjunktuurgolf word in grafiek 7 vergelyk. Die grafiek toon baie duidelik dat die werkverskaffing in die private sektor uiters stadig was om op die huidige verbetering in die algehele saketoestand te reageer. Ná ses kwartale van die huidige herstel wat in die derde kwartaal van 1993 begin het, was die vlak van die werkverskaffing in die private sektor trouens steeds laer as die vlak waarop dit aan die begin van die herstel was. Gedurende al die ander ekonomiese opwaartse fases het ondernemings in die private sektor vinnig begin om hul arbeidsmag uit te brei.

Grafiek 8 toon dat die werkverskaffing in die private

sektor steeds geneig was om tydens die resessies van die sewentigerjare toe te neem. Gedurende die tagtigerjare het die werkverskaffing in die private sektor egter onmiddellik of bykans onmiddellik begin daal as die ekonomie in 'n resessie beweeg het.

Die neiging sowel as die konjunkturele veranderings in die werkverskaffing in die private sektor in die tagtiger- en die vroeë negentigerjare verskil dus duidelik van dié van die sewentigerjare. Die langtermyngroei in die werkverskaffing in die private sektor het gedurende die tagtigerjare afgeplat en die afwaartse fases in die totale ekonomiese bedrywigheid gedurende die tagtigerjare het gepaardgegaan met 'n daling in die vlak van die werkverskaffing in die private sektor; gedurende die sewentigerjare het die vlakte van die werkverskaffing in die private sektor bly toeneem, selfs wanneer die ekonomie in 'n resessie was.

Minstens vier faktore was vir hierdie veranderings in die gedrag van die werkverskaffing in die private sektor verantwoordelik. Eerstens het die groei van die totale produksie en die werkskeppingsvermoë van die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die tagtigerjare verlangsaam. Die gemiddelde jaarlikse groeikoers in die reële bruto binnelandse produk het tussen 1970 en 1984 3,2 persent beloop, maar daarna tot 0,6 persent per jaar van 1985 tot 1994 verlangsaam. Die uitwerking van die finansiële en die handelsanksies wat deur die

internasionale gemeenskap ingestel is, het 'n belangrike rol gespeel om die koers van ekonomiese vooruitgang in Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare te verminder.

Tweedens het die elastisiteit van die arbeidsabsorbering van veranderings in die reële produksie gedurende die tagtigerjare merkbaar afgeneem vergeleke met die sewentigerjare. Gedurende die sewentigerjare het 'n toename van een persent in die reële bruto binnelandse produk buite die landbou aanleiding gegee tot 'n toename van ongeveer 0,8 persent in die vlak van die werkverskaffing in die private sektor; gedurende die tagtigerjare het die produksie-elastisiteit van die arbeidsabsorbering in die private sektor tot 0,5 afgeneem.

Derdens – en moontlik een van die belangriker faktore wat vir die daling in die arbeidsabsorberingsvermoë in die private sektor verantwoordelik is – is vakbonde onder al die segmente van die arbeidsmark in die tagtigerjare gewettig. Die stigting van swart vakbonde en hul toenemende sterke en strydlustigheid gedurende die tagtigerjare, het besoldigde werkverskaffing belemmer en vervaardigers in die private sektor aangemoedig om toenemend na kapitaalintensiever produksiemetodes om te skakel. Die sluiting van sogenaamde "geslote gelede-re-ooreenkomste" het persone wat nie lede van vakbonde is nie verhinder om werk vir hulself te beding en het sodoende bygedra tot die onvermoë van werkgewers in die private sektor om hul arbeidsmag uit te brei en terselfdertyd hul winsgewendheid in stand te hou.

Vierdens het die verwydering van sekere wetlike beperkings op die beweeglikheid van arbeid gedurende die tagtigerjare tot 'n hoër veranderlikheid in die vlak van die werkverskaffing van ondernemings in die private sektor gelei. Gedurende die sewentigerjare het hierdie sogenaamde "instromingsbeheermaatreëls" en die probleme wat dit vir die werwing van werkers geskep het, werkgewers huiwerig gemaak om hul arbeidsmag te besnoei wanneer die ekonomie in 'n resessie beweeg het. Ondernemings in die private sektor het verkies om hul werkers te behou en selfs om hul personeel uit te brei gedurende tydperke van dalende ekonomiese bedrywigheid. Die verwydering van baie van hierdie starhede in die arbeidsmark gedurende die tagtigerjare en die toenemende ooraanbod van arbeid in die nywerheidsgebiede, het sommige van die beperkings op ondernemings verlig en dit makliker gemaak om werkers af te dank wanneer die groei in verkoop verlangsaam het.

Werkverskaffing deur die openbare owerhede


In 1994 was ongeveer 34 persent van alle werkers in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou in diens van die openbare owerhede. Die werkverskaffing deur die openbare owerhede was heelwat minder gevoelig vir veranderings in die tempo van die totale ekonomiese bedrywigheid, soos gesien kan word uit die betreklike klein wisselings van die werkverskaffing deur die openbare owerhede rondom die langtermynneigingslyn (grafiek 9). Hoewel dit minder opsigtelik is as die

konjunkturele gevoeligheid van die werkverskaffing in die private sektor, blyk dit duidelik uit grafiek 10 dat die werkverskaffing deur die openbare owerhede ook 'n besliste konjunkturele beweging getoon het. Die verwantskap tussen die konjunkturele beweging in die werkverskaffing deur die openbare owerhede en die algehele konjunktuurgolf is egter minder bestendig oor tyd en die werkverskaffing deur die openbare owerhede het soms ook nie op 'n verandering in die rigting van die algehele konjunktuurgolf gereageer nie.


Die leidende en sloerende neiging van die werkverskaffingsiklus van die openbare sektor tot die draipunte in die algehele konjunktuurgolf word in tabel 3 opgesom. Die verwantskap tussen die twee siklusse wissel van waar die werkverskaffing in die openbare sektor die algehele konjunktuurgolf met twee kwartale vooruitloop tot 'n omgekeerde verwantskap van sewe kwartale. By drie geleenthede het die werkverskaffing in die openbare sektor glad nie op die beweging in die algehele konjunktuurgolf gereageer nie.

Die veranderings in die werkverskaffing deur die openbare owerhede gedurende die verskillende konjunkturele opwaartse fases word in grafiek 11 getoon. Die openbare sektor het sy arbeidsmag gedurende al die uitbreidingsfases van die konjunktuurgolf sedert 1970 laat toeneem. Die hoër koers van toename in die werkverskaffing deur die openbare owerhede in die vyfde kwartaal van die huidige konjunkturele opwaartse fase het deels verband gehou met die indiensneming van tydelike werkers gedurende die algemene verkiesing in April 1994.

Grafiek 9. Die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede




Grafiek 10. Die konjunkturele beweging in die werkverskaffing deur die openbare owerhede¹⁾⁽²⁾



- 1) Die verskil tussen die indekswaarde en 100 duif op die persentasie-afwyking tussen die werklike waardes en die geraamde tendenswaardes.
2) Geskakeerde dele: Afwaartse fases van die algehele konjunktuurgolf.

Grafiek 11. Die persentasieverandering in die werkverskaffing deur die openbare owerhede vanaf die onderste verwysingsdraaipunte in die algehele konjunktuurgolf




Tabel 3. Die leidende en sloerende neiging van die konjunkturele beweging in die werkverskaffing deur die openbare owerhede tot die verwysingsdraaipunte in die algehele konjunktuurgolf

Draaipunt	Algehele konjunktuurgolf	Werkverskaffingsiklus in die openbare sektor	Sloer in kwartale (+) Lei in kwartale (-)
	Jaar en kwartaal		
Boonste	1970/04	g.o.	g.o.
Onderste	1972/03	1972/04	+1
Boonste	1974/03	1975/03	+4
Onderste	1977/04	1979/03	+7
Boonste	1981/03	g.o.	g.o.
Onderste	1983/01	g.o.	g.o.
Boonste	1984/02	1984/02	0
Onderste	1986/01	1985/03	-2
Boonste	1989/01	1989/03	+2
Onderste	1993/02	1994/01	+3

g.o.: Geen ooreenstemmende draaipunt nie.

Grafiek 12. Die persentasieverandering in die werkverskaffing deur die openbare owerhede vanaf die boonste verwysingsdraapunte van die algehele konjunktuurgolf



Die veranderings in die aantal werkers in diens van die openbare owerhede gedurende die verskillende resessie-tydperke word in grafiek 12 getoon. In teenstelling met die werkverskaffing in die private sektor, het die werkverskaffing deur die openbare owerhede van kwartaal tot kwartaal gedurende elkeen van die afwaartse fases in die algehele konjunktuurgolf meestal toegeneem. Die openbare sektor het klaarblyklik opgetree as 'n stabiliseerder van die totale werkverskaffing in die afwaartse fases van die opeenvolgende konjunktuurgolwe gedurende die afgelope 25 jaar.

'n Verklaring vir die gedrag van werkverskaffing gedurende die huidige opwaartse fase

Soos hierbo aangedui is, het die verandering in die totale werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou gedurende die eerste aantal kwartale van die huidige ekonomiese herstel aansienlik verskil van dié wat tydens vorige tydperke van ekonomiese oplewing aangeteken is. Die stadige reaksie van veral die werkverskaffing in die private sektor kan onder andere toegeskryf word aan die volgende:

- Die uitgebreide wetlike vereistes en regulasies wat die nie-loonkoste van arbeid verhoog het en die

indiensneming van bykomende werkers belemmer het.


- Die onbestendige toestande in die arbeidsmark en die oënskynlike geneigdheid van vakbonde om stakings en werkstopsettings aan te wend om krag aan hul eise te verleen.
- Die klimaat van politieke onsekerheid wat die algemene verkiesing van April 1994 voorafgegaan het en wat, ofskoon in 'n mindere mate, steeds voortduur.
- 'n Geneigdheid onder maatskappye om bepaalde produksiebedrywighede aan kleiner private ondernemings uit te kontrakteer as gevolg van die hoë koste van arbeid en die hoë voorkoms van arbeidsonrus. As gevolg van die wyse waarop die inligting oor werkverskaffing versamel word, word werkverskaffing deur hierdie ondernemings egter nie in die amptelike inligting aangeteken nie.
- Die voortgesette hoë koers van toename in die reële vergoeding van veral ongeskoolde werkers wat nie verband hou met hul bydraes tot die winsgewendheid van ondernemings in die private sektor nie. Volgens ekonomiese teorie is die voorwaarde vir winsmaksimering dat die reële grensloonkoste per werker gelyk moet wees aan die grensopbrengs van die produksiefaktor arbeid. Enige toename in die reële loon wat nie 'n teenhanger in 'n ooreenstemmende toename in die reële arbeidsproduktiwiteit het nie, sal gevvolglik negatief inwerk op die totale werkverskaffing.

Soos in grafiek 13 getoon word, het die konjunkturele veranderings in die reële vergoeding per werker gedurende die afwaartse fase van die konjunktuurgolf van 1989-93 aansienlik verskil van die veranderings in die reële vergoeding per werker gedurende die meeste van die vorige ekonomiese afwaartse fases van die algehele konjunktuurgolf. Die enigste ander geleentheid waar die verandering in die reële arbeidsvergoeding van die gewone patroon afgewyk het, was gedurende die resessie van 1974-1977. Gewoonlik het die reële vergoeding per werker 'n boonste konjunkturele draapunt bereik saam met of baie gou ná die boonste draapunt van die algehele konjunktuurgolf, en 'n onderste draapunt 'n tyd na die daaropvolgende herstel van die totale ekonomiese bedrywigheid.

Gedurende die afwaartse fase van die algehele konjunktuurgolf van 1989-93 het die verandering in die reële vergoeding per werker, in ooreenstemming met die historiese verwantskap, bykans aan die begin van die resessie 'n boonste draapunt bereik. Dit het vervolgens vinnig gedaal en in die eerste kwartaal van 1990 'n laagtepunt bereik, voordat dit instryd met die gewone patroon gedurende die res van die resessie weer 'n matige opwaartse neiging getoon het.

Die voortgesette hoë looneise van die georganiseerde arbeidsbeweging en die gevvolglik opwaartse

Grafiek 13. Die konjunkturele veranderings in die reële vergoeding per werker¹⁾²⁾



1) Die verskil tussen die indekswaarde en 100 dui op die persentasie-afwyking tussen die werklike waardes en die geraamde tendenswaardes.


2) Geskakeerde dele: Afwaartse fases van die algehele konjunktuurgolf.

beweging van die reële vergoeding per werker gedurende die eerste ses kwartale van die huidige uitbreidende fase van die konjunktuurgolf het meegebring dat die reële arbeidseenheidskoste bykans van die begin van die herstel in 1993 toegeneem het (sien grafiek 14).

As gevolg van die onlangse gedrag van die reële arbeidseenheidskoste, kon werkgewers gedurende die eerste aantal kwartale van die huidige oplewing van die konjunktuurgolf nie daarin slaag om hul winsgewendheid in dieselfde mate te verbeter as waartoe hulle gedurende vorige herstelfases in staat was nie. Die afwaartse stramheid van die reële arbeidseenheidskoste en die gevolglike druk op winsgewendheid, het werkgewers in die private sektor waarskynlik ontmoedig om hul arbeidsmag uit te brei. Die vasbeslotenheid van werkgewers om produksiekoste in toom te hou is gedurende die afwaartse fase van 1989-93 versterk toe 'n groot aantal werkers afgedank is deur werkgewers wat met 'n betreklike swak groei in die binnelandse vraag en volgehoue sterk loondruk te kampe gehad het.

Die enigste ander geleentheid waarop die reële vergoeding per werker ten tye van 'n ekonomiese afwaartse fase toegeneem het was gedurende die resessie van 1974-77. Die reële vergoeding per werker is toe verhoog deur skerp toenames in die relatiewe lone wat deur werkers in die goudmynboubedryf verdien is gedurende 'n tydperk waarin die goudprys sterk verbeter het.

Grafiek 14. Die persentasieverandering in die reële arbeidseenheidskoste in die sektore van die ekonomie buite die landbou vanaf die onderste verwysingsdraaipunt in die algehele konjunktuurgolf



Gevolgtrekking

Die totale formele werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou toon 'n besliste konjunkturele patroon. Hierdie konjunkturele beweging was histories nou verwant aan konjunktuurgolfbewegings in die ekonomie. Die werkverskaffingsiklus het oor die algemeen geneig om die algehele konjunktuurgolf met 'n tydsloering te volg. By die boonste draaipunte van die golf, het die totale werkverskaffing geneig om konsekwent op die draaipunte van die algehele konjunktuurgolf te sloer, maar by die onderste draaipunte is die sloeringsverwantskap soms omgekeer.

Die werkverskaffing in die private sektor was gevoeliger vir bewegings in die algehele konjunktuurgolf as die werkverskaffing deur die openbare sektor. Die lengte van die tydsloering tussen die boonste draaipunte in die werkverskaffingsiklus van die private sektor en die ooreenstemmende draaipunte van die algehele konjunktuurgolf het boonop toenemend korter geword van vy kwartale in 1974 tot slegs een kwartaal in 1989. Hoewel die reaksietyd van die werkverskaffing in die private sektor tot die veranderings in die algemene sake-toestande met verloop van tyd korter geword het, dui die beskikbare gegewens daarop dat dit nie heeltemal verdwyn het nie. Die werkverskaffing in die openbare

sektor was minder gevoelig vir die veranderende saketoestande as wat die werkverskaffing in die private sektor was. Die werkverskaffing deur die openbare owerhede het dus gedien as 'n stabiliserende maatstaf vir die totale werkverskaffing in die formele sektor.

Hoewel die gesloerde reaksie van die werkverskaffing op die huidige verbetering van die algemene sakebedrywigheid nie ongewoon is nie, het die vlak van die werkverskaffing in die formele sektor gedurende die huidige ekonomiese oplewing baie stadig herstel. Ses kwartale na die begin van die herstel was die werkverskaffing steeds laer as die vlak wat aan die einde van die voorafgaande afwaartse fase van die konjunkturgolf bereik is. Dit was die eerste keer sedert die begin van die sewentigerjare dat die totale werkverskaffing so lank geneem het om gedurende 'n tydperk van ekonomiese uitbreiding 'n netto toename aan te teken. Hierdie ietwat onreëlmagtige gedrag van die werkverskaffing in die formele sektor kan deels verklaar word deur die groei in die reële arbeidseenheidskoste gedurende die vroeë stadium van die huidige ekonomiese herstel. Gedurende vorige oplewings in die ekonomie het die reële arbeidseenheidskoste geneig om te daal, of ten minste om nie te verander nie, en ondernehmings sodoende aangemoedig om besoldigde werkverskaffing uit te brei. Dit lyk aanneemlik dat die huidige vlakke van die werkverskaffing hoër sou gewees het as dit nie vir die betreklik hoë reële loonkoerse en die onlangse toenames in die reële arbeidseenheidskoste was nie.

Verwysings

- Burnside, C., Eichenbaum, en Rebelo, S., *Labor hoarding and the business cycle*, National Bureau of Economic Research, Working Paper No. 3556, December 1990.
- Chadha, B., *Disequilibrium in the labor market in South Africa*, Internasionale Monetêre Fonds, Working Paper WP/94/108, September 1994.
- Eberts, W.R. en Montgomery, E., National Bureau of Economic Research, Working Paper No. 5162, June 1995.
- Franks, J.R., *Explaining unemployment in Spain: structural change, cyclical fluctuations and labor market rigidities*, International Monetary Fund, Working Paper WP/94/102, September 1994.
- Froyen, R.T., *Macro-economics: theories and policies*, Second edition, Macmillan Publishing Company, New York, 1986.
- Gruben, W.C. en Phillips, K.R., *Understanding the Texas unemployment rate*, Federal Reserve Bank of Dallas, Economic Review, November 1986.
- Keane, M. en Prasad, E., *The relation between skills levels and the cyclical variability of employment, hours and wages*, International Monetary Fund, Working Paper WP/93/44, May 1993.

Nicoletti, G. en Reichlin, L., *Trends and cycles in labour productivity in the major OECD countries*, Centre for Economic Policy Research, Discussion Paper no. 808, July 1993.

Suid-Afrikaanse Reserwebank, Kwartaalblad no. 194, September 1994.

Nota oor owerheidsrekeningkunde

deur L.P. Venter

Inleiding

Statistiese gegewens ten opsigte van die openbare finansies kan ooreenkomsdig twee internasional aanvaarde konvensies saamgestel word; dit wil sê óf op 'n aanwasgrondslag óf op 'n kontantvloeigrondslag. In die ontleding van hierdie gegewens is dit belangrik om te weet watter metode gevvolg is en wat die gegewens in werklikheid behels. Met die huidige klem op deursigtige finansiële openbaarmaking en gegewe die feit dat die owerheidsektor 'n belangrike invloed op bykans alle terreine van die lewe het, het die monitering van die rekeningkundige-, audit- en verslagdoeningsprosesse van die openbare sektor nie net nieumodies geword nie, maar ook van uiterste belang vir die demokratiese proses. Dit het aanleiding gegee tot toenemende besorgdheid oor die soort, kwaliteit en betroubaarheid van die beskikbare inligting.

In die verlede was die hoofdoelwit van 'n rekeningkundige stelsel vir die sentrale owerheid die beheer oor kontantbesteding kragtens parlementêre beperkings, wat gewoonlik in die begroting uiteengesit is. In die jongste tyd word egter erken dat die veranderinge in die metode waarmee die openbare sektor georganiseer en bestuur word, veroorsaak het dat die te boekstowing en die verslagdoening oor owerheidstransaksies op 'n kontantvloeigrondslag ontoereikend was. Internasionale organisasies het gevvolglik twee afsonderlike datastelsels voorgestel om individuele lande te ondersteun in die opstel van rekeninge vir die openbare sektor. Hierdie stelsels word uiteengesit in: "A System of National Accounts 1993" (SNA) van die Verenigde Volke en die "Manual on Government Finance Statistics" (GFS) van die Internasionale Monetêre Fonds.

Die uiteindelike oogmerk met albei hierdie stelsels is om 'n gesonde statistiese grondslag vir die ontleding van die rol van die openbare sektor in die nasionale ekonomie te voorsien. Dit is daarom nie verbasend nie dat daar in hierdie twee stelsels baie ooreenkoms aangetref word in begripsomskrywings, definisies en klassifikasies. Hierdie stelsels verskil egter ook omdat elke stelsel se gegewens op 'n unieke manier georganiseer is om in sy eie besondere doelwitte en behoeftes te voorsien.

Die "System of National Accounts" poog om alle transaksies wat met produksie, inkomste, verbruik en besparing in die binnelandse ekonomie verband hou gedurende 'n spesifieke tydperk te meet, ongeag of betaling vir sodanige transaksies binne daardie tydperk of enige ander tydperk plaasvind. Dit is daarom op die sogenaamde aanwasgrondslag gebaseer. Die "Government Finance Statistics" is daarenteen gemoeid met finansiële transaksies en fokus op die kontant-

betalings en -ontvangste van die openbare sektor gedurende 'n spesifieke tydperk (kontantvloeigrondslag). Dit voorsien 'n databasis wat alle transaksies van die openbare sektor in een rekeningkundige stelsel integreer. Hierdie stelsel sommeer die finansiële vloeiinge van die openbare sektor op 'n wyse wat geskik is om fiskale beleid te evaluer en plaas minder klem op die prosesse van inkomeskepping en -verdeling. Dit is daarom baie belangrik dat die rekeningkundige en verslagdoeningsmetode wat in die openbare sektor aangewend word op 'n aanwasgrondslag en/of 'n kontantvloeigrondslag moet berus na gelang van die behoeftes van beleidmakers en ontleiders.

Om die bruikbaarheid van die twee stelsels toe te lig, word 'n kort oorsig van die stelsels en hul belangrike voor- en nadele in hierdie nota gegee. Vervolgens word die rekeningkundige stelsel beskryf wat tans in die openbare sektor toegepas word sowel as die invloed van die gemaartiseerde diskonto op staatseffekte op die rentebetalings van die owerheid indien die aanwasgrondslag deurgaans toegepas sou word.

Aanwasrekeningkunde

In die rekeningkundige stelsel op 'n aanwasgrondslag (of alomvattende basis) word inkomste en uitgawes aangeteken soos wat dit verdien of aangegaan word, ongeag wanneer die betaling gemaak is of wanneer inkomste werklik ontvang is. Die aanwasrekeningkunde poog om die koste wat gedurende 'n sekere rekeningkundige tydperk aangegaan is in dieselfde tydperk ten boek te stel as die voordele wat ontvang is en die inkomstes aan te teken wanneer die goedere en dienste gelewer word. Hierdie transaksies kan onafhanklik van kontanttransaksies plaasvind, maar kan dit ook insluit. Die verskil tussen die tyd waarop inkomste en uitgawe ten boek gestel word en die werklike kontanttransaksies, veroorsaak die ontstaan van bates en laste. Die klassifikasie van die transaksies lei tot die samestelling van die inkomste- en balansstaat.

Daar moet sorg aan die dag gelê word om nie die rekeningkundige stelsel op 'n aanwasgrondslag met die verpligtingsgrondslag te verwarr nie. Die belangrikste verskil tussen die twee stelsels is dat die verpligtingsgrondslag tot uitgawes beperk is (d.i. die boekstowing van verpligtings wat aangegaan is), terwyl die aanwasgrondslag sowel die inkomste as die uitgawes insluit. Daarbenewens verwys die aanwasgrondslag na die ontvangs van fondse, eiendom of dienste binne 'n gegewe tydperk, terwyl die verpligtungsgrondslag verwys na die bestellings wat geplaas is en kontrakte wat toegeken is en wat uitbetaling van geld op 'n latere tydstip tot gevvolg sal hê.

Kontantrekeningkunde

Die staatsboekhouding berus tradisioneel op 'n kontantvloeigrondslag en het ontwikkel met verwysing na 'n versameling van fondse waaruit owerheidstransaksies gedoen kon word. In 'n rekeningkundige stelsel op 'n kontantvloeigrondslag, word transaksies aangeteken wanneer die kontant betaal of ontvang is. Dit hoef nie verband te hou met die tyd waarop die dienste gelewer of voordele ontvang is nie, en sluit alle transaksie *in natura* uit. Die finansiële resultaat word daarom gerapporteer op die grondslag van die verskil tussen kontantontvangste en -betalings. In sommige lande, byvoorbeeld in Frankryk, word inkomste op 'n kontantgrondslag aangeteken, maar die uitgawes word in twee fases ten boek gestel: eerstens tydens die lewering van goedere en dienste en tweedens wanneer die werklike betalings plaasvind.

Voor- en nadele van die twee rekeningkundige stelsels

Daar is verskeie denkrigtings oor watter rekeningkundige stelsel, te wete die kontant- of aanwasgrondslag, die ideale stelsel vir owerhede is. Persone wat die nasionale rekeninge saamstel beskou die aanwasgrondslag as die beste metode om die invloed van die begroting te meet aangesien dit die tydstip aandui waarop die owerheidslas werklik ontstaan of 'n eis ingedien is; dit wil sê daardie tydstip waarop die finale verpligting die grootste en mees regstreekse uitwerking op die private sektor het. Volgens hierdie rekeningkundiges het die owerheid se aanvaarding van 'n stelsel geskoei op die aanwasgrondslag, die volgende addisionele voordele:

- dit dien die oorhoofse doelwitte van begrottingsformulering en programbestuur beter;
- dit bespoedig die samestelling van die nasionale rekeninge; en
- dit verskaf inligting vir die besluitneming oor die beoordeling van rentmeesterskap en voldoening aan vereistes (of hulpbronne verkry en gebruik is in ooreenstemming met wetlike beperkinge, kontraktuele vereistes en die kuratorskap oor die toesig en instandhouding van hulpbronne), die beoordeling van die finansiële stand (die bronne en tipe inkomste, die toedeling en gebruik van die hulpbronne, met inbegrip van die verdeling tussen bedryfs- en kapitaalkoste, die mate wat inkomste die bedryfskoste doeltreffend dek, die tydigheid en omvang van kontantvloeiringe, die vermoë om finansiële verpligtinge na te kom op sowel die kort as lang termyn, en om die algemene finansiële toestand te beoordeel), die beoordeling van prestasie (die kostebesparing en doeltreffendheid van bedrywighede en of die mikpunte en doelstellings bereik word), en die beoordeling van die ekonomiese invloed (die ekonomiese

invloed van die owerheid op die ekonomie en die evaluering van staatsbestedingsopsies en -prioriteite).

Hierdie voordele word deur toonaangewende ekonome in die openbare finansiële veld soos A. Premchand¹ van die Departement van Fiskale Sake van die Internasionale Monetêre Fonds erken. Hulle is nogtans nie van mening dat die aanwasgrondslag die beste maatstaf is waarmee die ekonomiese invloed van openbare finansies gemeet kan word nie. Volgens Premchand is dit moeilik om te besluit presies wanneer eise of laste 'n invloed op die gemeenskap se ekonomiese besluitneming sal hê.

Die kontantstelsel was daarenteen vir 'n lang tyd 'n gunsteling van sekere ekonome en rekenmeesters. Sommige van die voordele van die kontantstelsel is:

- dit vergemaklik die identifikasie van die invloed van die owerheidsoptrede op die ekonomie omdat owerheidsbetalings uit die skatkisrekeninge by die sentrale bank gewoonlik die geldmark beïnvloed en die ekonomie aktiveer, terwyl elke betaling aan die owerheid die likwiditeit verminder;
- dit verskaf 'n betekenisvolle raming van die invloed van die werksaamhede van die regering op vraagbestuur;
- dit vergemaklik die ontleding van die owerheid se invloed op finansiële en kredietmarkte;
- dit verskaf aan die owerheid 'n rekord van sy eie kontantposisie;
- dit is meer omvattend as nasionale rekeninge omdat stelsels op 'n kontantgrondslag leningstransaksies insluit; en
- dit is maklik om te administreer.

'n Kontantvloeistelsel het egter ook sekere nadele, naamlik:

- dit sluit alle transaksies uit wat nie op 'n kontantbasis plaasvind nie;
- kontantvloeiringe voldoen nie altyd aan bestuursvereistes nie; en
- kontantvloeiringe het beperkte bruikbaarheid vir die meting van voorraadveranderings.

Watter stelsel behoort toegepas te word?

Die twee verskillende benaderings in owerheidsrekeningskunde behoort nie as onderling uitsluitend beskou te

1. A. Premchand; *Government Budgeting and Expenditure Controls; Theory and Practice*, International Monetary Fund, Washington, D.C. 1983, p390.

word nie, maar moet eerder as noodsaaklike onderdele beskou word wat elkeen 'n plek van sy eie in die algehele stelsel het. In die vroeë sewentigerjare het pogings om prestasiebegrotings in sommige van die nywerheidslande bekend te stel aanleiding gegee tot die behoefte om owerheidsrekeningkunde op 'n kontantgrondslag tot rekeningkunde op 'n aanwasgrondslag om te skakel. Probleme wat met die implementering hiervan ondervind is, die koste van die stelsel en die toenemende invloed van vraagbestuur as 'n beleidsdoelwit, het egter die ingebriukneming van boekhouding op 'n aanwasgrondslag vertraag. Daarbenewens het die toenemende klem op die meting van die begroting se invloed op die ekonomie en die voordele wat die kontantstelsel vir die doel gehad het, die gebruik daarvan bevoordeel. In die Verenigde State het die ingebriukneming van begrotingsprosedures wat deur die Kongres neergelê is wat ook die kontantstelsel vir die vasstelling van begrotingsplafonne beklemtoon het, 'n verdere rede verskaf waarom 'n stelsel op die aanwasgrondslag nie gebruik behoort te word nie.

In die jongste tyd, dit wil sê aan die begin van die negentigerjare, het die voorneme om die kostedoeltreffendheid van die openbare sektor te verbeter, die fokus op die waarde van geld vir die voorsiening van openbare dienste en die toenemende besorgdheid oor die beheer van die aard en omvang van langtermynlaste (hoofsaaklik in die vorm van lenings, leningswaarborge en pensioene), pogings aangewakker om alternatiewe begrotings- en verslagdoeningstegnieke te vind. Hierdie tegnieke moes die besluitneming oor die omvang van opgelope koste doeltreffender weerspieël en bevorder. Die behoefte aan so 'n stelsel het in baie lande geleid tot hernude belangstelling in aanwasrekeningkunde, maar nie een van hierdie lande het geheel en al met kontantrekeningkunde weggedoen nie. Werksaamhede is eerder gefokus op bykomstige finansiële inligting wat benodig word om die tradisionele kontantbegrotingsproses van die openbare sektor aan te vul om die nuwe uitdagings te weerspieël ten opsigte van werkverrigtinge en prioriteite wat hierdie lande se openbare sektore in die gesig staar. Die instelling van die rekeningkundige stelsel op 'n aanwasgrondslag het egter verpligtend geword vir die regerings van Nieu-Seeland en die Verenigde State, en selfs die Internasionale Monetêre Fonds oorweeg tans die insluiting van die rekenkundige stelsel op 'n aanwasgrondslag in die *"Manual on Government Finance Statistics"*.

'n Aantal vrae moet gevra word wanneer 'n regering die instelling van aanwasrekeningkunde oorweeg, naamlik:

- Sal die verandering na aanwasrekeningkunde voldoende rekenskap aan die wetgewer en die gemeenskap in die geheel verskaf?
- Sal dit makro-ekonomiese bestuur vergemaklik deur doeltreffender by te dra tot die formulering van die gepaste fiskale beleid en die implementering daarvan met

die minimum fiskale misvatting?

- Indien die nuwe rekeningkundige standarde deur die regering ingestel sou word, wie moet verantwoordelik wees vir die toepassing daarvan en wat sal die kostes verbonde aan die implementering van die nuwe stelsel wees?

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat albei die rekeningkundige stelsels 'n plek in die algehele stelsel van owerheidsrekeningkunde, ouditering en finansiële verslagdoening het. Wanneer owerhede se finansiële verslae ontleed word, is dit belangrik om eers vas te stel watter rekeningkundige stelsel gebruik is om die finansiële verslag op te stel. Dit is ook belangrik dat die resultate van die verskillende rekeningkundige stelsels nie in een ontleding gekombineer word sonder om die tekortkominge te verduidelik nie.

Die rekeningkundige stelsels tans in gebruik in die openbare sektor van Suid-Afrika

Openbare ondernemings, plaaslike owerhede en buitebegrotingsinstellings maak tans van die aanwasrekeningkundige stelsel gebruik. Die Hoofbegroting (wat deur die Skatkiswet en Tesourie-instruksies beheer word) en die provinsiale regerings pas egter hoofsaaklik die rekeningkundige stelsel op 'n kontantgrondslag toe. Die Departement van Staatsbesteding het 'n private onderneming aangestel om ondersoek te doen na en 'n werksdokument op te stel ten opsigte van verskillende sake, met inbegrip van die daarstelling van rekenkundige standarde vir die Nasionale Regering ten einde die finansiële administrasie te verbeter. Hierdie verslag is onlangs voltooi en word tans deur die betrokke partye oorweeg.

Om besluite oor monetêre beleid te neem, benodig die Suid-Afrikaanse Reserwebank inligting oor hoe die owerheidsbesteding die geldmark beïnvloed. In die lig van gebreke in die huidige verslagdoeningstelsel moet die Reserwebank aanpassings maak aan die gegewens oor uitreikings en ontvangstes van die Skatkisrekening ten opsigte van geld wat aan die Betaalmeester-Generaalrekenings van die verskillende departemente uitgereik is maar nie deur hulle spandeer is nie; vir die amortisering van die diskonto op effekte met 'n koeponwaarde van nul, wat oor die looptyd van die effek gekapitaliseer word maar wat nie 'n kontantvloeい verteenwoordig nie; en vir sommige van die winste en verliese op die vroeë aflossing van staatseffekte wat nie 'n kontantvloeい verteenwoordig nie.

Die huidige verslagdoeningstelsel voldoen ook nie aan die vereistes van 'n stelsel op 'n aanwasgrondslag nie. Indien daarvan voldoen moet word, sal die verskillende staatsdepartemente boekinskrywings moet maak van byvoorbeeld vloeiinge wat 'n verandering in eiendomsreg by lewering impliseer; van dienste wanneer dit gelewer word en van intermediêre verbruik wanneer materiaal en

voorraad gebruik word. Wat belastings betref, word inligting byvoorbeeld benodig op die tydstip wanneer die belastingglas beslis gevëstig word. Bogenoemde inligting is egter nie geredelik beskikbaar nie en gevölglik raak belangrike insigte in die aanwasstelsel verlore wanneer die gepubliseerde gegewens van die openbare sektor opgestel word. Een so 'n voorbeeld van inligting wat in die aanwasstelsel gevind word maar in die ontleding van die kontantvloei geïgnoreer word, is die invloed van die diskonto op staatseffekte op die totale rentekoste van skuld. Die berekening van die amortisasie van die diskonto op die uitreiking van nuwe staatseffekte oor die looptyd van die effek, soos wat hieronder gedoen word, toon hierdie gebrek in die huidige rekeningkundige stelsel duidelik aan.

Die amortisasie van die diskonto op staatseffekte

Sedert September 1980 is binnelandse bemarkbare staatseffekte teen 'n diskonto uitgereik. Die totale

diskonto het van fiskale jaar tot fiskale jaar gewissel, maar in die tydperk van September 1980 tot aan die einde van Maart 1995 het dit in totaal R34,9 miljard bedra. Soos hierbo aangedui is, was hierdie diskonto nie ingesluit in die berekening van die rentebetalings van die owerheid in die rekeningkundige stelsel wat tans deur die owerheid gebruik word nie. Die diskonto op staatseffekte verteenwoordig dus 'n verskuilde koste wat nie by die tekort ingesluit is nie hoewel dit 'n aansienlike invloed op die koers van toename in die totale staatskuld het. Die diskonto op die uitreiking van nuwe staatseffekte word op die datum van uitreiking gekapitaliseer en op die aflosdatum omgerol deur die uitreiking van nuwe staatseffekte. Effekte met 'n koeponwaarde van nul word egter anders hanteer. Die diskonto op effekte met 'n koeponwaarde van nul word oor die leeftyd van die effek geomortiseer en in die besteding ingesluit, terwyl 'n ooreenstemmende bedrag terselfdertyd by nuwe lenings gevoeg word wat deur die Skatkisrekening ontvang word.

Gedurende Oktober 1986 het die Rekeningkundige

Tabel 1. Staatskuldskoste

Fiskale jare	Rente R miljoene	Geamortiseerde diskonto R miljoene	Staatskuld-koste R miljoene	Staatskuld R miljoene	Rente as persentasie van staatskuld %	Staatskuld-koste as persentasie van staatskuld %	Rente as persentasie van die BBP %	Staatskuld-koste as persentasie van die BBP %	Jaarlikse diskonto R miljoene
1980/81	1 403,2	0,8	1 403,9	18 150,8	7,7	7,7	2,2	2,2	15,4
1981/82	1 837,6	7,1	1 844,6	19 853,3	9,3	9,3	2,5	2,5	106,9
1982/83	2 380,3	19,3	2 399,6	22 112,8	10,8	10,9	2,9	2,9	87,2
1983/84	2 929,7	56,5	2 986,4	26 421,4	11,1	11,3	3,1	3,2	501,2
1984/85	3 876,0	99,8	3 975,8	30 172,7	12,9	13,2	3,5	3,6	681,1
1985/86	4 226,3	176,4	4 402,6	37 071,3	11,4	11,9	3,4	3,5	408,3
1986/87	5 398,9	214,5	5 613,4	41 424,6	13,0	13,6	3,6	3,8	604,2
1987/88	6 209,3	269,0	6 478,3	50 314,0	12,3	12,9	3,6	3,7	887,2
1988/89	7 671,8	507,5	8 179,3	60 056,5	12,8	13,6	4,1	4,4	2 367,5
1989/90	8 580,9	666,1	9 247,0	79 894,9	10,7	11,6	3,5	3,7	4 330,8
1990/91	11 274,8	686,4	11 961,2	96 035,4	11,7	12,5	4,0	4,2	2 965,6
1991/92	13 433,4	1 030,5	14 463,9	105 657,1	12,7	13,7	4,2	4,5	4 299,5
1992/93	16 493,3	1 268,6	17 762,0	126 613,5	13,0	14,0	4,7	5,1	4 080,6
1993/94	20 533,1	1 284,9	21 818,0	154 665,7	13,3	14,1	5,2	5,5	2 721,7
1994/95	23 047,6	1 960,8	25 008,4	192 160,8	12,0	13,0	5,2	5,6	10 851,3

Praktyke Komitee van Suid-Afrika 'n verslag ("Exposure Draft 68") onder die opskrif "Accounting for Investment" vrygestel wat met "International Accounting Standard 25" ooreenstem wat onder dieselfde opskrif deur die International Accounting Standards Committee uitgereik is. Volgens hierdie verslae word die diskonto of premie met die aankoop van 'n effek, synde die verskil tussen die aankoopprys en die verkoopprys, gewoonlik oor die tydperk vanaf die verkryging tot die aflossing van die effekte geamortiseer sodat 'n konstante periodiese opbrengs op die belegging verdien kan word. Die diskonto of premie, tesame met die nominale koers van die effek, moet die effektiewe rentekoers oor die termyn van die effek verskaf.

"Exposure Draft 68" beveel twee metodes aan wat gebruik kan word om die bedrag te bereken wat elke jaar geamortiseer word, naamlik die reguitlynmetode van amortisasie of die effektiewe opbrengskoers-metode. Indien die reguitlynmetode van amortisasie gebruik word, word die diskonto of premie bereken as die verskil tussen die uitreikingsprys en die nominale waarde van die effek. Die diskonto of premie word dan in gelyke bedrae oor die leeftyd van die effek verdeel. Die volgende voorbeeld dien as illustrasie van die reguitlynmetode:

'n Staatseffek van 10 persent met 'n nominale waarde van R100 en 'n leeftyd van twee jaar word teen R88 uitgereik. Dit gee 'n diskonto van R12 wat volgens die reguitlynmetode van amortisasie teen R6 vir elke jaar geamortiseer word. Die totale opgelope rente bedra dus R16 per jaar en bestaan uit die R6 amortisasie plus die R10 koeponrente wat betaal is.

Indien die effektiewe opbrengskoersmetode gebruik word, word die diskonto of premie by uitreiking, synde die verskil tussen die uitreikingsprys en die aflossingswaarde, geamortiseer teen die rentekoers wat inherent is aan die bedrag waarteen die effek oorspronklik uitgereik is. Die diskonto of premie, tesame met die nominale koers van die effek, sal gesamentlik die effektiewe rentekoers oor die termyn van die effek verskaf. Die effektiewe opbrengskoersmetode lewer die volgende resultate indien dit op die bovenoemde voorbeeld toegepas word en op basis van die aanname dat die koeponrente van R10 aan die einde van elke jaar betaal word:


Die owerheid verkry nou R88 in ruil vir die betaling van koeponrente van R10 na een jaar, en R110 in kapitaal en koeponrente na twee jaar wanneer die effek afgelos word. Die effektiewe rentekoers i word bereken uit die vergelyking $R88 = R10/(1+i) + R110/(1+i)^2$. By benadering is i gelyk aan 0,176 of 17,6 persent per jaar. Die opgelope rente in jaar een is $R88 \times 0,176$ of R15,49, en in jaar twee ($R88 + R15,49$) $\times 0,176$ of R18,21. Die geamortiseerde bedrag in jaar een bedra dus R5,49 en in jaar twee R8,21.

Vir die doel van die oefening wat hieronder bespreek word, is die reguitlynmetode van amortisasie egter vanweë die eenvoud daarvan gebruik. Die deel van die

diskonto wat gedurende elke maand oor die leeftyd van die effek geamortiseer moet word, is vir elke staatseffek bereken. Hierdie bedrae is bymekaar getel om die totale bedrag te kry wat gedurende elke fiskale jaar geamortiseer moet word. Hierdie bedrag is by die totale rentebetalings gebaseer op die kontantvloeimetode getel om die totale rentekoste van die staatskuld gedurende elke fiskale jaar volgens die aanwasrekeningkundige stelsel te verkry. Die resultate van hierdie berekeninge word in tabel 1 weergegee.

Die geamortiseerde diskonto het beduidend toegeneem van R0,8 miljoen in die fiskale jaar 1980/81 tot R1 960,8 miljoen in die fiskale jaar 1994/95. Indien die geamortiseerde diskonto vir die fiskale jaar 1994/95 by die rentebetalings op 'n kontantvloeibasis van R23 047,6 miljoen getel word, bedra die staatskuldkoste R25 008,4 miljoen – 'n toename van 8,5 persent. Die geamortiseerde diskonto van R1 960,8 miljoen in die fiskale jaar 1994/95 het 0,4 persent van die bruto binnelandse produk in die fiskale jaar 1994/95 beloop, wat beteken dat indien rentebetalings die enigste pos in die owerheidsrekeninge was wat 'n verskil in waarde toon tussen 'n kontantvloei- en 'n aanwasgrondslag van rekeningkunde, die tekort van 5,7 persent tot 6,1 persent van die bruto binnelandse produk sou styg. As die skerp toename in die diskonto op staatseffekte oor die laaste paar jaar in berekening gebring word, veral in die fiskale jaar 1994/95, beteken dit dat die geamortiseerde diskonto in die volgende aantal jare steeds 'n belangrike rol in die geraporteerde koste van die staatskuld sal speel, selfs al sou die diskonto daal.

Staatskuldkoste



Samevatting

Dié nota het die verskille tussen die twee internasionaal aanvaarde rekeningkundige stelsels beskryf wat in die samestelling van die rekenings van die openbare sektor gebruik word. Hieruit word die gevolgtrekking gemaak dat 'n beweging weg van 'n kontantvloeigrondslag van rekeningkunde na 'n aanwasgrondslag van rekeningkunde 'n merkbare uitwerking sal hê op die aanbieding en deursigtigheid van die owerheidsrekeninge. Vir doeleindes van monetêre beleid is dit verkieslik dat die rekeningkundige stelsel wat gebruik word ook in staat moet wees om inligting op 'n kontantvloeigrondslag te voorsien. Terselfdertyd is inligting op 'n aanwasgrondslag uiters belangrik as 'n bron van data vir die nasionale rekeninge wat beleidmakers van betroubare ramings van belangrike groothede, soos die owerheid se besparings en verbruiksbesteding, voorsien.

Bibliografie

- Everingham, G.K. & Hopkins, B.D. 1991. *Generally accepted accounting practice*. Juta & Co, Ltd, Student's Edition.
- Exposure Draft 68. 1986. *Accounting for investments*. Accounting Practices Committee.
- Hicks, B.E. & Hunt, P. (Ed) 1980. *Cash flow accounting*. The International Group for Cash Flow Accounting, and The Research and Publication Division, School of Commerce and Administration, Laurentian University, Sudbury, Ontario, Canada.
- International Accounting Standard 25. 1986. *Accounting for investments*. International Accounting Standards Committee.
- Livingston G.D, C.F.A. 1988. *Yield curve analysis. The fundamentals of risk and return*. New York Institute of Finance. New York.
- OECD Working Papers, Vol.1. *Accounting, for what?: The value of accrual accounting to the Public sector*, No 16. Paris 1993.
- Premchand, A. 1989. *Government budgeting and expenditure controls: Theory and practice*. International Monetary Fund. Washington, D.C.
- Premchand, A. (Ed) 1990. *Government financial management: Issues and country studies*. International Monetary Fund. Washington, D.C.
- Premchand, A. 1993. *Public expenditure management*. International Monetary Fund. Washington, D.C.
- Strydom, W.A. 1994. *Geamortiseerde diskonto op staatseffekte*. Departementele Studie no 19. Departement Ekonomiese Suid-Afrikaanse Reserwebank.

Note to tables

Nota tot tabelle

Balance of payments statistics – tables S-78 to S-79 and S-83 to S-91

Certain transactions in the capital account of the balance of payments have been reclassified from 1990 to bring them in line with the national accounts. Transactions of TELKOM SA Ltd, TRANSNET Ltd and the South African Post Office Ltd now form part of public corporations instead of being classified under public business enterprises.

Gegewens ten opsigte van die betalingsbalans – tabelle S-78 tot S-79 en S-83 tot S-91

Sekere transaksies in die kapitaalrekening van die betalingsbalans is vanaf 1990 geherklassifiseer om dit in ooreenstemming met die nasionale rekeninge te bring. Transaksies van TELKOM SA Bpk, TRANSNET Bpk en die Suid-Afrikaanse Poskantoor Bpk vorm nou deel van die openbare korporasies, in plaas van om onder owerheid-sakeondernemings geklassifiseer te word.